(i) enige geïnkorporeerde of niegeïnkorporeerde liggaam wat ingevolge enige wet ingestel is; en

(ii) enige vennootskap, trust of staatsorgaan;

“Premier” die Premier van die Provinsie;

“privaat natuurreservaat” 'n natuurreservaat wat in gemeenskapsbesit is of privaat besit word deur 'n enkele grondeienaar of veelvoudige grondeienaars—

(a) wat ingevolge artikels 12 en 23(1) en (5) van die Wet op Beskermde Gebiede tot natuurreservaat verklaar is of geag word as sodanig verklaar te wees;

(b) wat ingevolge artikel 25 van die Wet op Beskermde Gebiede as 'n privaat natuurreservaat aangewys is; of

(c) beoog in artikel 42;

“provinsiale beskermde gebied” 'n “provincial protected area” soos omskryf in die Wet op Beskermde Gebiede, waarby ingesluit kan word 'n natuurreservaat in die Provinsie wat ingevolge artikel 23(1) van die Wet op Beskermde Gebiede verklaar is of 'n natuurreservaat in die Provinsie wat geag word ingevolge artikel 23(5) van daardie Wet verklaar te wees, uitgesonderd 'n privaat natuurreservaat;

“Provinsiale Minister” die lid van die Provinsiale Kabinet verantwoordelik vir omgewingsake in die Provinsie;

“Provinsie” die Provinsie Wes-Kaap, en **“provinsiaal”** het 'n ooreenstemmende betekenis;

“Raad” die beheerraad van CapeNature soos beoog in artikel 12;

“regulasie” 'n regulasie kragtens hierdie Wet gemaak;

“riviermonding” 'n liggaam bogrondse water—

(a) wat permanent of van tyd tot tyd na die see oop is;

(b) waarin 'n styging en daling van die watervlak as gevolg van die getye tydens springgetye meetbaar is wanneer die liggaam bogrondse water oop is na die see; of

(c) ten opsigte waarvan die southheid hoër as vars water is as gevolg van die invloed van die see, en waar daar 'n southheidshelling tussen die getyloop en die mond van die liggaam bogrondse water is;

“Ruimtelike Plan vir Biodiversiteit” 'n plan beoog in artikel 34;

“spesie” 'n soort dier, plant of ander organisme wat nie gewoonlik met andersoortige individue kruisteel nie, en ook enige subspesie, kultivar, variëteit, geografiese ras, lyn, hibried of geografies aparte bevolking;

“staatsorgaan”—

(a) enige staatsdepartement of administrasie in die nasionale, provinsiale of plaaslike regeringsfeer; of

(b) enige ander funksionaris of instelling—

(i) wat ingevolge die Grondwet of 'n provinsiale grondwet 'n bevoegdheid uitoefen of 'n werksaamheid verrig; of

(ii) wat ingevolge enige wetgewing 'n openbare bevoegdheid uitoefen of 'n openbare werksaamheid verrig,

maar nie ook 'n hof of 'n regterlike beampte nie;

“stelselmatige biodiversiteitsbeplanning” 'n beplanningsmetode wat biodiversiteitsprioriteitsgebiede identifiseer, met inagneming van biodiversiteitspatrone en die ekologiese en evolusionêre prosesse wat dit onderhou, gebaseer op kwantitatiewe biodiversiteitsmikpunte en -drempels vir akwatiese, land-, kus- en marinebiodiversiteitskenmerke ten einde 'n verteenwoordigende voorbeeld van biodiversiteitspatrone en ekologiese prosesse te bewaar;

“Strafproseswet” die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977);

“toegang en die deel van voordele” die regverdigde en billike deel van voordele wat uit die gebruik van genetiese hulpbronne ontstaan;

“Uitbreidingsstrategie vir Provinsiale Beskermdes Gebiede” die strategie beoog in artikel 39(1)(a);

“uitheems”, met betrekking tot 'n eksemplaar, 'n eksemplaar wat aan 'n uitheemse spesie behoort;

“uitheemse spesie”—

(a) 'n spesie wat nie 'n inheemse spesie is nie; of

(b) 'n inheemse spesie wat verskuif is of beoog word om verskuif te word na 'n plek buite sy natuurlike verspreidingsgebied in die natuur, maar nie 'n inheemse spesie wat sy natuurlike verspreidingsgebied deur middel van natuurlike migrasie of verstrooiing sonder menslike ingryping uitgebrei het nie;

“uitsterwende spesie” 'n bedreigde spesie gelys ingevolge artikel 50(2)(b), (c) of (d);

“uitvoer” die verplasing van enige spesie of eksemplaar, of enige gedeelte of derivaat van sodanige spesie of eksemplaar, vanaf enige posisie of plek in die Provinsie op enige wyse na 'n ander provinsie van die Republiek of na 'n land buite die grense van die Republiek of na internasionale waters;

“UNESCO” die Verenigde Nasies se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie, en ook die Internasionale Koördinerende Raad van die Mens en die Biosfeer-program;

“versagtingsmaatreël” 'n maatreël of reeks maatreëls wat daarop gemik is om 'n nadelige uitwerking te vermy, minimeer, rehabiliteer of reg te stel;

“verwilde dier” 'n dier van 'n mak spesie wat wild geraak het;

“volhoubaar” die gebruik van of impak op biodiversiteit of ekosisteme of ekosisteemdienste op 'n wyse en teen 'n koers wat—

(a) nie tot die langtermynagteruitgang daarvan sal lei nie en wat vir 'n onbepaalde tyd volgehou kan word sonder om nadelige uitwerkings daarop te hê;

(b) nie die ekologiese integriteit daarvan sal ontwig nie; en

(c) die volgehoute voortbestaan daarvan verseker om aan die behoeftes en strewes van huidige en toekomstige generasies mense te voldoen;

“Voorsitter” die Voorsitter van die Raad aangestel ingevolge artikel 16(1)(a);

“voorskrif” voorskrif by regulasie;

“vredesbeampte” 'n persoon wat kragtens artikel 334(1) van die Strafproseswet tot vredesbeampte verklaar is;

“wapen” enigiets hoegenaamd wat op so ’n wyse gebruik kan word dat ’n wilde dier daardeur vreggemaak, beseer, gevang of geïmmobiliseer word;

“waterdraer” ’n geologiese formasie wat strukture of teksture het wat water hou of ’n aansienlike waterbeweging deurlaat;

“waterhulpbron” ook ’n waterloop, bogrondse water, ’n riviermonding en ’n waterdraer;

“waterloop”—

(a) ’n rivier of bron;

(b) ’n natuurlike kanaal waarin water gereeld of wisselvallig vloei;

(c) ’n vleiland, meer of dam waarin of waaruit water vloei; en

(d) enige versameling water wat ingevolge die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet 36 of 1998), tot ’n waterloop verklaar is,

en ’n verwysing na ’n waterloop sluit ook, waar van toepassing, sy bedding en oewers in; **“weerstandigheid”**, met betrekking tot ’n ekosisteem of ekologiese infrastruktuur, die vermoë van die ekosisteem of ekologiese infrastruktuur om ontwrigtings te weerstaan en terselfdertyd dieselfde basiese struktuur en funksionering, die kapasiteit vir selforganisasie en die kapasiteit om by stres of verandering aan te pas, te behou;

“Wes-Kaapse Grondwet” die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997 (Wet 1 van 1998);

“Wet op Bergopvanggebiede” die Wet op Bergopvanggebiede, 1970 (Wet 63 van 1970);

“Wet op Beskernde Gebiede” die “National Environmental Management: Protected Areas Act, 2003” (Wet 57 van 2003);

“Wet op die Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad” die Wet op die Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad, 1998 (Wet 15 van 1998);

“Wet op Geïntegreerde Kusbestuor” die “National Environmental Management: Integrated Coastal Management Act, 2008” (Wet 24 van 2008);

“Wet op Openbare Finansiële Bestuur” die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999);

“Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels” die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000);

“wilde dier” ’n dier wat nie ’n mak spesie of ’n mikroörganisme is nie, ongeag of die dier lewendig of vrek, mak of geteel is of gevange gehou word, en ook die eiers, kuit, gamete, genetiese materiaal of enige gedeelte van so ’n dier.

Oogmerke

2. Die oogmerke van hierdie Wet is om—

- (a) uitvoering te gee aan die verpligting van die staat ingevolge nasionale wetgewing om as trustee met betrekking tot die omgewing op te tree;
- (b) uitvoering te gee aan artikel 81(m) van die Wes-Kaapse Grondwet om die omgewing in die Provinsie, insluitende sy unieke biodiversiteit, tot voordeel van huidige en toekomstige generasies te beskerm en bewaar;
- (c) deur die implementering van die beginsels van ekologiese volhoubaarheid beoog in artikel 6 die langtermyn- ekologiese volhoubaarheid en weerstandigheid van biodiversiteit, ekosisteme, ekosisteedienste en ekologiese infrastruktuur te verseker;
- (d) menslike welsyn en die langtermynweerstandigheid van die samelewing en die ekonomie te verseker deur die bewaring van beskernde gebiede, biodiversiteit, ekosisteme, ekosisteedienste en ekologiese infrastruktuur;

- (e) redelike en volhoubare toegang moontlik te maak tot voordele en geleenthede wat uit die bewaring van beskermde gebiede, biodiversiteit, ekosisteme, ekosisteemdienste en ekologiese infrastruktuur ontstaan;
- (f) institusionele strukture en organisatoriese vermoë daar te stel vir die doeltreffende uitoefening van die bewaring en bestuur van biodiversiteit en die natuur in die Provinsie;
- (g) stelselmatige biodiversiteitsbeplanning en die bereiking van die biodiversiteitsmikpunte vir bewaring wat in die Ruimtelike Plan vir Biodiversiteit en die Uitbreidingsstrategie vir Provinsiale Beskermde Gebiede uiteengesit word, te bevorder;
- (h) sekere aktiwiteite wat onderneem staan te word, te reguleer op 'n wyse wat die integriteit en gesondheid van die omgewing verbeter en beskerm;
- (i) behoudens artikel 231 van die Grondwet, internasionale ooreenkomste en beste praktyke rakende die omgewing en die bewaring van biodiversiteit te implementeer en daaraan uitvoering te gee;
- (j) die finansiële en ekonomiese volhoubaarheid van die betrokke instellings wat vir die bewaring en bestuur van biodiversiteit en die natuur in die Provinsie verantwoordelik is, moontlik te maak; en
- (k) 'n billike en volhoubare biodiversiteitseconomie in die Provinsie moontlik te maak en te ontwikkel, insluitende die bevordering en ontwikkeling van ekotoerisme in beskermde gebiede onder die beheer van CapeNature.

Toepassing

3. Hierdie Wet bind die staat en alle persone.

Teenstrydighede met ander wetgewing

4. (1) Indien daar 'n teenstrydigheid bestaan tussen 'n bepaling van hierdie Wet en—
- (a) nasionale wetgewing, moet die teenstrydigheid ingevolge artikel 146 van die Grondwet opgelos word;
 - (b) 'n ander Provinsiale Wet, geniet die bepaling van hierdie Wet voorrang vir sover die teenstrydigheid betrekking het op bepalings wat die bewaring van biodiversiteit reguleer;
 - (c) munisipale wetgewing, geniet die bepaling van hierdie Wet voorrang vir sover die teenstrydigheid betrekking het op bepalings wat die volgende reguleer:
 - (i) aangeleenthede bedoel in óf Deel A van Bylae 4, óf in Deel A van Bylae 5 by die Grondwet; of
 - (ii) aangeleenthede bedoel in Deel B van Bylae 4 of Deel B van Bylae 5 by die Grondwet en die bepaling 'n wettige uitoefening of verrigting van die bevoegdhede en pligte van die Provinsie kragtens artikel 155(6)(a) en (7) van die Grondwet is.
- (2) Indien daar 'n teenstrydigheid bestaan tussen ondergeskikte wetgewing wat ingevolge hierdie Wet gemaak is en—
- (a) nasionale wetgewing, moet die teenstrydigheid ingevolge artikel 146 van die Grondwet opgelos word;
 - (b) 'n Provinsiale Wet, geniet daardie Wet voorrang;
 - (c) ander ondergeskikte Provinsiale wetgewing, geniet die ondergeskikte wetgewing wat ingevolge hierdie Wet gemaak is, voorrang vir sover die teenstrydigheid verband hou met bepalings wat die bewaring van biodiversiteit reguleer;

- (d) munisipale wetgewing, geniet die ondergeskikte wetgewing wat ingevolge hierdie Wet gemaak is, voorrang vir sover die teenstrydigheid verband hou met die aangeleenthede bedoel in subartikel (1)(c).

HOOFSTUK 2 PLIGTE EN BEGINSELS

Plig van staat

5. Elke staatsorgaan wat by of ingevolge enige wet gemagtig of vereis word om 'n bevoegdheid uit te oefen of 'n plig te verrig wat moontlik 'n nadelige uitwerking op die omgewing kan hê, moet by die uitoefening of verrigting van daardie bevoegdheid of plig ten opsigte van die Provinsie—

- (a) 'n langtermynperspektief neem van die waarskynlike gevolge op die omgewing van elke handeling of besluit; en
- (b) die beginsels van ekologiese volhoubaarheid beoog in artikel 6 toepas.

Beginsels van ekologiese volhoubaarheid

6. Elke staatsorgaan wie se besluite of handeling biodiversiteit of die omgewing in die Provinsie moontlik kan raak, moet die beginsels van ekologiese volhoubaarheid toepas, naamlik om—

- (a) die voordele en inherente en gebruikswaarde van natuurlike hulpbronne en ekosisteme in aanmerking te neem;
- (b) verseker dat biodiversiteit en ekosisteme beskerm word, in stand gehou en gerehabiliteer word op 'n wyse wat die bereiking van biodiversiteitsmikpunte vir bewaring gestel deur die Provinsie moontlik maak;
- (c) die weerstandigheid van biodiversiteit, ekosisteme en ekologiese infrastruktuur te bevorder;
- (d) verseker dat ontwikkeling nie die langtermynvoortbestaan en -weerstandigheid van biodiversiteit, ekosisteme en ekologiese infrastruktuur ondermyn nie;
- (e) verseker dat die bewaring en weerstandigheid van biodiversiteit tot voordeel van huidige en toekomstige generasies voorrang geniet bo die belange van enige lid of lede van enige gemeenskap;
- (f) die ontwrigting van ekosisteme en verlies aan biologiese diversiteit te vermy, te minimeer en reg te stel; en
- (g) verseker dat 'n risikobestande en versigtige benadering toegepas word sodat, waar daar onvoldoende bewys is dat 'n aktiwiteit nie 'n langtermyn- nadelige uitwerking sal hê nie, dit vermy word.

HOOFSTUK 3 ADMINISTRASIE

Werksaamhede van Provinsiale Minister

7. (1) Die Provinsiale Minister moet—

- (a) oor die Departementshoof, CapeNature en die Raad by die verrigting van hul werksaamhede toesig hou;
- (b) provinsiale beleid oor biodiversiteit en verwante aangeleenthede ontwikkel en implementeer;

- (c) wanneer hy of sy 'n wets- of beleidsplan goedgekeur, hersien of daarop kommentaar lewer, verseker dat die plan met die Ruimtelike Plan vir Biodiversiteit in ooreenstemming is; en
 - (d) gereeld die doeltreffendheid van die implementering en afdwinging van hierdie Wet evalueer.
- (2) Die Provinsiale Minister kan—
- (a) ondergeskikte wetgewing maak soos voor voorsiening gemaak in hierdie Wet;
 - (b) provinsiale regeringsbesigheidsondernemings soos beoog in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur instel om die oogmerke van hierdie Wet te bereik;
 - (c) voorskrifte aan die Raad uitreik om te verseker dat die Raad by die uitvoering van sy mandaat doeltreffend en doelmatig funksioneer;
 - (d) 'n raad van ondersoek aanstel om die gedrag van 'n lid van die Raad of die Raad te ondersoek, en kan gepaste maatreëls soos beoog in onderskeidelik artikel 21 of 32 tref;
 - (e) Raadsvergaderings bywoon; en
 - (f) enige ander werkzaamheid verrig wat by of kragtens hierdie Wet aan die Provinsiale Minister opgedra is.

Pligte van Departementshoof

8. Die Departementshoof moet, behoudens artikel 7(1)(a) en (b)—
- (a) die Provinsiale Minister adviseer, wanneer die Provinsiale Minister sy of haar raad versoek en ná oorleg met CapeNature, oor regsangeleenthede, ondergeskikte wetgewing en provinsiale beleid rakende natuurbewaring, biodiversiteit en kus- en riviermondingsbestuur;
 - (b) ná oorleg met CapeNature, provinsiale strategieë en programme soos goedgekeur deur die Provinsiale Minister vir natuurbewaring, biodiversiteit, kus- en riviermondingsbestuur en die bevordering en ontwikkeling van die biodiversiteitseconomie koördineer;
 - (c) ooreenkomstig die Wet op Openbare Finansiële Bestuur die bevoegdhede uitoefen van rekenpligtige beampte verantwoordelik vir die fondse wat na CapeNature en ander instellings oorgedra word, vir die implementering van hierdie Wet;
 - (d) 'n stelsel daarstel vir—
 - (i) die ooreenstemming van strategiese en jaarverslae en verbandhoudende programbegrotings vir natuurbewaring, biodiversiteit en kus- en riviermondingsbestuur, en die bevordering en ontwikkeling van die biodiversiteitseconomie in die Provinsie; en
 - (ii) die monitering en verslagdoening van die doeltreffendheid van die gebruik van fondse oorgedra soos beoog in paragraaf (c) en soos voor beplan ooreenkomstig subparagraaf (i);
 - (e) wets- en beleidsplanne wat ingevolge hierdie Wet opgestel word, oorweeg en daarop kommentaar lewer;
 - (f) wanneer die Departementshoof vir die opstel of hersiening van of kommentaarlewing op 'n wets- of beleidsplan verantwoordelik is, verseker dat die plan met die Ruimtelike Plan vir Biodiversiteit in ooreenstemming is;
 - (g) CapeNature met die implementering van die Uitbreidingsstrategie vir Provinsiale Beskernde Gebiede ondersteun; en
 - (h) aanbevelings aan die Provinsiale Minister maak oor hoe om die doeltreffendheid van die implementering en afdwinging van hierdie Wet te verbeter.

HOOFSTUK 4 CAPENATURE

Deel 1

Instelling en werksaamhede van CapeNature

Instelling

9. Die Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad soos ingestel by die Wet op die Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad bly voortbestaan as 'n regspersoon en 'n provinsiale openbare instelling wat vir die bewaring van biodiversiteit in die Provinsie verantwoordelik is, en staan bekend as CapeNature.

Pligte van CapeNature

10. (1) Met betrekking tot die bewaring van biodiversiteit, en behoudens artikel 7(1)(a), moet CapeNature—

- (a) aan die Provinsiale Minister gebiede aanbeveel om volgens die Uitbreidingsstrategie vir Provinsiale Beskermde Gebiede as provinsiale beskermde gebiede, beskermde gebiede, privaat natuurreservate, bergopvangsgebiede en biodiversiteitsopsigterskapsgebiede te verklaar;
- (b) provinsiale beskermde gebiede en ander gebiede waarvoor hy as die bestuursowerheid aangewys is, bestuur;
- (c) biodiversiteitsopsigterskap bevorder en moontlik maak;
- (d) 'n register van provinsiale beskermde gebiede, privaat natuurreservate, bergopvangsgebiede en biodiversiteitsopsigterskapsgebiede byhou;
- (e) aan die Provinsiale Minister aanbevelings maak en kommentaar lewer oor skriftelike vertoë of besware wat ingevolge artikel 33 van die Wet op Beskermde Gebiede ontvang is oor die verklaring of intrekking van die verklaring van 'n beskermde gebied;
- (f) ná oorleg met die Departementshoof, die Provinsiale Minister adviseer oor—
 - (i) ondergeskikte wetgewing en beleid wat die Provinsiale Minister ten opsigte van biodiversiteitsverwante aangeleenthede staan te maak; en
 - (ii) die uitoefening van die Provinsiale Minister se bevoegdhede ingevolge artikel 7(1)(b), (c) en (d);
- (g) 'n stelsel daarstel vir die monitering en verslagdoening van—
 - (i) die stand van biodiversiteit in die Provinsie;
 - (ii) die stand van indringerspesies;
 - (iii) die volhoubare gebruik van inheemse biologiese hulpbronne;
 - (iv) die bestuur van provinsiale beskermde gebiede, privaat natuurreservate, bergopvangsgebiede en biodiversiteitsopsigterskapsgebiede; en
 - (v) voldoening aan magtigings uitgereik kragtens hierdie Wet,
 ten einde—
 - (aa) dit moontlik te maak om nadelige uitwerkings betyds te bespeur en te versag; en
 - (bb) die evaluasie van die doeltreffendheid van hierdie Wet te vergemaklik;
- (h) biodiversiteitsbestuursplanne soos beoog in artikel 43 van die Biodiversiteitswet opstel;
- (i) raad aan grondeienaars gee om biodiversiteit of die bewaring van die omgewing op hul grond te verbeter of hoe om die kontakgebied tussen mense en inheemse biologiese hulpbronne te bestuur;

- (j) die Provinsiale Minister adviseer oor die uitvoer van inheemse biologiese hulpbronne vir navorsing;
 - (k) aanbevelings aan die Provinsiale Minister maak oor aangeleenthede wat navorsing benodig;
 - (l) binne twee jaar vanaf die inwerkingtreding van hierdie Wet en daarna met tussenposes van hoogstens vier jaar soos vereis deur die Provinsiale Minister, verslag doen aan die Provinsiale Minister oor die stand van biodiversiteit in die Provinsie; en
 - (m) op grond wat CapeNature bestuur, natuurlike en verwante kulturele erfenishulpbronne bestuur, bewaar en bevorder deur beste praktyke, toegang en die deel van voordele, en volhoubare gebruikspraktyke.
- (2) CapeNature moet die ontwikkeling en bevordering bestuur van ekotoerisme-aktiwiteite en -fasiliteite op grond wat CapeNature bestuur.
- (3) CapeNature moet navorsing, monitering en opleiding in biodiversiteitsbewaring fasiliteer.
- (4) CapeNature moet die volgende bevorder:
- (a) gemeenskapsgebaseerde bewaring van biodiversiteit;
 - (b) werkskepping ten opsigte van bewaring en ekotoerisme, plaaslike ekonomiese ontwikkelingsgeleenthede en die biodiversiteitseconomie;
 - (c) toegang tot beskermde gebiede vir ontspannings-, opvoedkundige, navorsings-, kulturele, geestelike en tradisionele doeleindes; en
 - (d) bewusmaking, opvoeding en jeugontwikkeling oor die omgewing.

Bevoegdhede van CapeNature

11. (1) CapeNature kan inkomste genereer op enige wettige wyse, insluitende deur—
- (a) toegangsfooie, magtigings, konsessies en huurkontrakte;
 - (b) natuurgebaseerde ekotoerismefasiliteite, byeenkomste en dienste;
 - (c) aktiwiteite in die biodiversiteitseconomie;
 - (d) instandhouding van ekosisteedienste;
 - (e) geld afkomstig van intellektuele eiendomsregte; en
 - (f) bewaring en ander dienste.
- (2) CapeNature kan, met die doel om sy werksaamhede te verrig en die oogmerke van hierdie Wet te bereik—
- (a) sy eie personeel aanstel;
 - (b) behoudens artikel 7(1)(a) en (b), enige ooreenkoms met enige persoon aangaan;
 - (c) enige reg op of tot roerende eiendom verkry, vervreem, huur of verhuur;
 - (d) eksperimente doen, navorsing onderneem, opnames maak en ondersoeke instel;
 - (e) met opvoedkundige instellings onderhandel en saamwerk ten opsigte van die opleiding van persone vir loopbane in natuurbewaring;
 - (f) inligting in verband met bewaring wat die bereiking van die oogmerke van hierdie Wet kan bevorder, vertoon of andersins versprei;
 - (g) sy oogmerke, aktiwiteite, dienste en fasiliteite bemark en adverteer;
 - (h) in gebiede onder sy beheer, maatreëls tref wat nodig of wenslik is vir die bewaring van biodiversiteit of die bestuur van nadelige uitwerkings daarop;
 - (i) inspeksies en ondersoeke doen ten opsigte van nievoldoening en misdrywe ingevolge hierdie Wet;
 - (j) in gebiede onder sy beheer, maatreëls tref wat nodig is vir die veiligheid van besoekers en die bewaring van biodiversiteit;
 - (k) infrastruktuur, werke of geriewe in gebiede onder sy beheer in stand hou, bou of oprig;

- (l) toelaat dat kommersiële en gemeenskapsaktiwiteite plaasvind in enige gebied onder sy beheer mits daardie aktiwiteite nie 'n nadelige uitwerking op biodiversiteit of die ekologiese infrastruktuur in daardie gebied het nie;
- (m) op enige grond of in enige waterloop die bakens, drywende bakens, kennisgewings, kennisgewingborde, tekens of ander merke wat vir die implementasie van enige bepaling van hierdie Wet nodig of wenslik is, oprig, heroprig, in stand hou en herstel.
- (n) een of meer advieskomitees instel om hom by te staan met die verrigting van enige van sy werksaamhede ingevolge hierdie Wet;
- (o) sy eie bankrekeninge open, maar slegs by 'n instelling wat ingevolge die Bankwet, 1990 (Wet 94 van 1990), as 'n bank geregistreer is;
- (p) fondse belê, behoudens Deel 5 van hierdie Hoofstuk;
- (q) homself teen enige verlies, skade of risiko verseker;
- (r) enige handeling ooreenkomstig sy bevoegdhede en pligte verrig; en
- (s) enige regsgeding instel of verdedig.

(3) Indien CapeNature op redelike gronde oortuig is dat dit gepas en nodig is om stappe te doen vir die bewaring van biodiversiteit, kan 'n beampte of persoon aangewys deur CapeNature privaat grond betree—

- (a) met die toestemming van die grondeienaar; of
- (b) in 'n situasie wat 'n dreigende gevaar vir menseleuens of biodiversiteit inhou, sonder sodanige toestemming.

(4) CapeNature kan te eniger tyd, met betrekking tot enige eksemplaar van enige spesie, enige stappe doen of magtig, insluitende 'n beperkte aktiwiteit of beperkte metode, indien die eksemplaar—

- (a) 'n dreigende gevaar van besering of dood vir mense of enige mak spesie inhou;
- (b) gewond, siek of beseer is;
- (c) skade aan gewasse of plante op bewerkte grond of ander eiendom aanrig;
- (d) 'n nadelige uitwerking op inheemse spesies, ekosisteme of die omgewing het of kan hê; of
- (e) in die belang van bewaring gevang of vrekgemaak behoort te word.

(5) Indien 'n wilde dier gedurende 'n jagtog gevang of gekwes is, kan CapeNature, indien hy nie die identiteit van die eienaar kan vasstel nie, die dier vrekmaak en die karkas vernietig.

(6) Voordat enige bevoegdheid ingevolge hierdie artikel uitgeoefen word op grond wat nie onder sy beheer is nie, moet CapeNature, indien redelikerwys moontlik—

- (a) met die grondeienaar oorleg pleeg; en
- (b) redelike kennis aan die grondeienaar gee van die tyd wanneer, die plek waar en die wyse waarop CapeNature van voorneme is om daardie bevoegdheid uit te oefen.

Deel 2

Beheerraad van CapeNature

Werksaamhede van Raad

12. (1) CapeNature word bestuur deur 'n Raad wat sy rekenpligtige owerheid is en wat aan die vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur moet voldoen.

(2) Die Raad moet—

- (a) doeltreffende bestuurstoesig van CapeNature handhaaf;
- (b) verseker dat CapeNature sy werksaamhede ingevolge hierdie Wet verrig;
- (c) voldoening aan die beleid en strategieë van CapeNature goedkeur en monitor;
- (d) strategiese rigting aan CapeNature verskaf;

- (e) 'n Raadshandves opstel om vir 'n Gedragkode vir Raadslede en vergaderingsprosedures voorsiening te maak en om aangeleenthede in verband met korporatiewe bestuurtoesig verder te reguleer;
 - (f) risikogebiede en prestasie ten opsigte van CapeNature identifiseer en gereeld monitor; en
 - (g) pleit vir genoeg hulpbronne vir CapeNature om sy werksaamhede te verrig.
- (3) Die Raad moet sy werksaamhede onderhewig aan enige voorskrifte uitgereik deur die Provinsiale Minister verrig.

Samestelling

13. (1) Die Raad bestaan uit—
- (a) minstens sewe en hoogstens nege nie-uitvoerende lede, aangestel ingevolge artikel 15; en
 - (b) as uitvoerende lede—
 - (i) 'n beamppte van die Departement, aangewys deur die Provinsiale Minister; en
 - (ii) die Hoof- Uitvoerende Beamppte.
- (2) Die Provinsiale Minister—
- (a) moet die getal lede bepaal wat ingevolge subartikel (1)(a) aangestel staan te word; en
 - (b) kan die getal wat ingevolge paragraaf (a) bepaal is, verander, maar mag die getal verminder slegs wanneer daar 'n vakature in die Raad is.
- (3) Slegs nie-uitvoerende lede kan ingevolge artikel 25 stem.

Onbevoegdheid as lid van Raad

14. 'n Persoon mag nie in die Raad aangestel word nie indien hy of sy—
- (a) 'n lid is van die nasionale Parlement, 'n provinsiale wetgewer of 'n munisipale raad;
 - (b) 'n werknemer is van CapeNature of 'n werknemer ingevolge die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994), behalwe 'n persoon beoog in artikel 12(1)(b) van daardie Wet;
 - (c) aan 'n misdaad skuldig bevind is waarby oneerlikheid betrokke was;
 - (d) 'n ongerehabiliteerde insolvent is; of
 - (e) deur 'n bevoegde hof geestelik versteur verklaar is.

Aanstelling in Raad

15. (1) Die Provinsiale Minister moet die nie-uitvoerende Raadslede beoog in artikel 13(1)(a) aanstel.
- (2) Wanneer die Provinsiale Minister 'n nie-uitvoerende lid van die Raad aanstel, moet die Provinsiale Minister—
- (a) deur 'n kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* en kennisgewings in twee koerante wat in die Provinsie sirkuleer, in die amptelike tale van die Provinsie, van die publiek benoemings aanvra van persone wat geskik is vir aanstelling; en
 - (b) alle benoemings wat ontvang is, oorweeg en, ná oorleg met die Departementshoof en die Hoof- Uitvoerende Beamppte, die vereiste getal persone in die Raad aanstel.
- (3) Wanneer die Provinsiale Minister 'n aanstelling in die Raad ingevolge subartikel (1) maak, moet die Provinsiale Minister—
- (a) verseker dat die persoon wat aangestel word, 'n geskikte en gepaste persoon vir sodanige aanstelling is;

- (b) verseker dat die aangestelde persoon gepaste kwalifikasies, kennis en ondervinding het, wat die Provinsiale Minister kan bepaal; en
- (c) in ag neem dat dit nodig is om persone aan te stel—
 - (i) wat oor die algemeen verteenwoordigend van die demografie van die Provinsie is; en
 - (ii) wat van gepaste gemeenskapsgebaseerde of verteenwoordigende organisasies in die Provinsie afkomstig is.

(4) Geen besluit geneem deur die Raad of handeling verrig op gesag van die Raad is ongeldig bloot omdat 'n vakature in die Raad bestaan het of omdat 'n persoon wat nie geregtig was om as 'n lid van die Raad te sit nie, in die Raad gesit het toe die besluit geneem of die handeling gemagtig is nie, indien die besluit geneem is of die handeling gemagtig is deur 'n meerderheid van die Raadslede wat toe teenwoordig en geregtig was om as lede te sit.

Voorsitter van Raad

- 16.** (1) Die Provinsiale Minister, ná oorleg met die Raadslede—
- (a) moet 'n nie-uitvoerende lid van die Raad as die Voorsitter en 'n ander nie-uitvoerende lid van die Raad as Ondervoorsitter aanstel of heraanstel;
 - (b) kan, by aanvoering van grondige redes, enige sodanige aanstelling intrek.
- (2) Die Voorsitter en Ondervoorsitter word aangestel vir 'n tydperk bepaal deur die Provinsiale Minister, wat nie langer as die termyn van 'n lid beoog in artikel 17 mag strek nie.
- (3) Die Provinsiale Minister kan enige lid van die Raad as Waarnemende Voorsitter van die Raad aanstel—
- (a) indien daar 'n vakature in die amp van Voorsitter en Ondervoorsitter is, totdat 'n Voorsitter of Ondervoorsitter aangestel is; of
 - (b) indien die Voorsitter en Ondervoorsitter van twee of meer opeenvolgende vergaderings van die Raad afwesig is.

Ampstermyn van nie-uitvoerende lede van Raad

- 17.** (1) 'n Nie-uitvoerende lid van die Raad—
- (a) word vir 'n termyn van drie jaar aangestel, behoudens artikel 22(2);
 - (b) kom by die voltooiing van die termyn beoog in paragraaf (a) in aanmerking vir heraanstelling deur die Provinsiale Minister, ná oorleg met die Departementshoof en die Hoof- Uitvoerende Beampte, vir een bykomende termyn van drie jaar.
- (2) Die Provinsiale Minister kan die tydperk van aanstelling van 'n nie-uitvoerende lid beoog in subartikel (1)(a) of (b) verleng vir 'n tydperk van hoogstens een jaar.

Voorwaardes van aanstelling en vergoeding

- 18.** (1) Die Provinsiale Minister moet die bepalinge en voorwaardes van aanstelling van nie-uitvoerende lede van die Raad bepaal, insluitende betaling van vergoeding en toelaes soos deur die Nasionale Tesourie ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur bepaal.
- (2) CapeNature is verantwoordelik vir die betaling van vergoeding en toelaes aan nie-uitvoerende Raadslede.

Gedrag van lede**19. (1) 'n Lid van die Raad—**

- (a) moet die werksaamhede van sy of haar amp te goeder trou en sonder vrees, begunstiging of vooroordeel verrig;
- (b) moet aan die Gedragskode beoog in artikel 12(2)(e) voldoen;
- (c) moet enige finansiële of persoonlike sakebelange verklaar wat die lid of sy of haar vennoot, gade of onmiddellike familielid by enige aangeleentheid wat voor die Raad dien, het, en moet hom of haar van die verrigtinge van die Raad onttrek wanneer daardie aangeleentheid oorweeg word;
- (d) mag nie vertroulike inligting wat as 'n lid van die Raad verkry is of die posisie of voorregte as 'n lid van die Raad vir eie gewin of tot voordeel van 'n ander persoon gebruik nie; en
- (e) mag nie op enige ander wyse optree wat die geloofwaardigheid, onpartydigheid, onafhanklikheid of integriteit van CapeNature of die Raad in verleentheid stel nie.

(2) 'n Lid van die Raad wat subartikel (1) oortree of versuim om daaraan te voldoen, is skuldig aan wangedrag.

Beëindiging van lidmaatskap**20. 'n Nie-uitvoerende lid hou op om 'n lid van die Raad te wees indien—**

- (a) die ampstermyn van die nie-uitvoerende lid verstryk; of
- (b) die nie-uitvoerende lid—
 - (i) nie meer ingevolge artikel 14(a) tot (e) bevoeg is om 'n lid te wees nie;
 - (ii) hy of sy minstens drie kalendermaande voor die datum waarop die lid sy of haar amp wil ontruim, sy of haar skriftelike bedanking indien, tensy die Provinsiale Minister 'n korter tydperk in 'n spesifieke geval toelaat; of
 - (iii) ingevolge artikel 21 uit sy of haar amp verwyder word.

Verwydering en skorsing

21. (1) Die Provinsiale Minister kan 'n lid van die Raad uit sy of haar amp verwyder op enige van die volgende gronde:

- (a) wangedrag, onvermoë of onbekwaamheid;
- (b) waar die lid van twee opeenvolgende vergaderings van die Raad afwesig was sonder die vooraf verkreë toestemming van die Voorsitter, tensy goeie gronde aangevoer kan word vir die versuim om vooraf toestemming te kry;
- (c) insolvensie;
- (d) skuldigbevinding aan 'n strafregtelike oortreding waarby oneerlikheid betrokke was.

(2) Die Provinsiale Minister—

- (a) moet die lid van die Raad uit sy of haar amp verwyder soos beoog in subartikel (1)(a) nadat 'n bevinding te dien effekte gemaak is deur 'n raad van ondersoek wat soos beoog in artikel 7(2)(d) deur die Provinsiale Minister aangestel is; en
- (b) kan 'n lid van die Raad wat onderhewig aan 'n ondersoek beoog in paragraaf (a) is, skors.

Vul van vakatures

22. (1) 'n Vakature in die Raad word gevul—

- (a) in die geval van die Voorsitter of Ondervoorsitter, deur 'n ander lid van die Raad as die Voorsitter of Ondervoorsitter, na gelang van die geval, aan te stel soos beoog in artikel 16(1)(a); en
- (b) in die geval van 'n nie-uitvoerende lid van die Raad, deur die prosedure beoog in artikel 15 te volg.

(2) 'n Persoon wat aangestel is om 'n vakature te vul, beklee die amp vir die onverstreke gedeelte van die ampstermyn van sy of haar voorganger.

Deel 3***Bedryfsprosedures van Raad*****Vergaderings**

23. (1) Die Raad moet minstens vier keer gedurende die finansiële jaar van CapeNature vergader, en die Voorsitter kan, en moet op versoek van 'n meerderheid van die lede van die Raad, 'n spesiale vergadering belê.

(2) Die Voorsitter moet vergaderings van die Raad belê en voorsit, maar indien die Voorsitter van 'n vergadering afwesig is, moet die Ondervoorsitter voorsit.

(3) Indien beide die Voorsitter en Ondervoorsitter van 'n vergadering afwesig is, moet die teenwoordige lede 'n ander lid kies om die vergadering voor te sit, behoudens artikel 16(3).

Prosedures

24. (1) Die Raad moet sy eie prosedures vir die hou van vergaderings bepaal, behoudens artikel 12(2)(e).

(2) Die Raad moet 'n rekord van verrigtinge by vergaderings hou en van alle besluite wat by vergaderings geneem is.

(3) Die Raad kan enige lid van die publiek nooi om enige vergadering van die Raad by te woon.

Kworum en besluite

25. (1) 'n Meerderheid van die nie-uitvoerende lede van die Raad wat dan in die Raad dien, maak 'n kworum vir 'n vergadering van die Raad uit.

(2) 'n Aangeleentheid voor die Raad word beslis deur die stemme van 'n meerderheid van die nie-uitvoerende lede van die Raad wat by die vergadering teenwoordig is.

(3) Indien daar in enige saak voor die Raad 'n staking van stemme is, moet die lid van die Raad wat die vergadering voorsit, 'n beslissende stem uitbring benewens sy of haar beraadslagende stem as 'n lid.

Komitees

26. (1) Die Raad kan komitees instel, insluitende 'n ouditkomitee, om hom by te staan met die verrigting van sy werksaamhede, wat uit een of meer van die volgende bestaan:

- (a) lede van die Raad;
- (b) werknemers van CapeNature;

- (c) ander persone wat, na die mening van die Raad, relevante ondervinding of kundigheid het.
- (2) Die Raad—
 - (a) moet die werksaamhede van elke komitee wat ingevolge subartikel (1) ingestel is, bepaal;
 - (b) moet die komiteevoorsitter en ander lede van elke komitee aanstel;
 - (c) kan te eniger tyd 'n lid van 'n komitee uit sy of haar amp verwyder; en
 - (d) moet die prosedures vir elke komitee bepaal.
- (3) 'n Komitee mag besluite vir goedkeuring slegs aanbeveel aan die Raad.
- (4) Die Raad kan 'n komitee te eniger tyd ontbind, behalwe die ouditkomitee.
- (5) Artikels 18 en 19 is van toepassing, met die nodige veranderinge, op komiteeledes.

Deel 4

Administrasie van CapeNature

Hoof- Uitvoerende Beampte

27. (1) Die Raad, handelend met die instemming van die Provinsiale Minister, moet 'n persoon met gepaste kwalifikasies en ondervinding as die Hoof- Uitvoerende Beampte van CapeNature aanstel.

(2) Die Hoof- Uitvoerende Beampte—

- (a) word vir 'n termyn van vyf jaar aangestel; en
- (b) kan met die instemming van die Provinsiale Minister vir 'n verdere termyn van hoogstens vyf jaar deur die Raad heraangestel word.

(3) Die Hoof- Uitvoerende Beampte word behoudens bepalings en voorwaardes van indiensneming aangestel wat die Raad met die instemming van die Provinsiale Minister moet bepaal.

(4) Die Hoof- Uitvoerende Beampte is vir die administratiewe en finansiële bestuur van CapeNature verantwoordelik en moet—

- (a) die Raad bystaan om sy werksaamheid as rekenpligtige owerheid van CapeNature uit te voer en aan die Wet op Openbare Finansiële Bestuur te voldoen deur toe te sien dat daar stelsels in plek is om die inligting en verslae wat die Raad vereis, te verskaf;
- (b) die pligte verrig en die bevoegdhede uitoefen wat die Raad aan hom of haar opdra of delegeer;
- (c) aan die Raad verslag doen oor aspekte van bestuur, die verrigting van pligte en die uitoefening van bevoegdhede, op die tye en die wyse bepaal deur die Raad;
- (d) konsepweergawes van die planne, verslae en state beoog in artikel 28 opstel;
- (e) 'n toepaslik gekwalifiseerde Hoof- Finansiële Beampte aanstel;
- (f) personeel aanstel, binne die finansiële perke gestel deur die Raad en ooreenkomstig 'n indiensnemingsbeleid bepaal deur die Raad;
- (g) die personeellede bestuur;
- (h) verseker dat CapeNature aan die bepalings van hierdie Wet, die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en enige ander toepaslike wetgewing voldoen; en
- (i) in die algemeen, die sake van CapeNature bestuur om die oogmerke van hierdie Wet te bereik.

(5) Die Raad kan, met die instemming van die Provinsiale Minister, 'n werknemer van CapeNature as Waarnemende Hoof- Uitvoerende Beampte vir 'n tydperk van hoogstens ses maande op 'n keer aanstel wanneer—

- (a) die Hoof- Uitvoerende Beampte om enige rede afwesig is of nie in staat is om sy of haar werksaamhede te verrig nie; of
- (b) daar 'n vakature in die amp van die Hoof- Uitvoerende Beampte is.
- (6) 'n Waarnemende Hoof- Uitvoerende Beampte—
 - (a) het die bevoegdhede en pligte van die Hoof- Uitvoerende Beampte; en
 - (b) moet behoudens dieselfde bepalings en voorwaardes beoog in subartikel (3) aangestel word.

Deel 5

Finansiële aangeleenthede

Finansiële rekenpligtigheid en verslagdoening

28. Die Raad moet verseker dat strategiese en jaarlikse prestasieplanne, begrotings, jaarverslae en geouditeerde finansiële state ooreenkomstig die Wet op Openbare Finansiële Bestuur opgestel, goedgekeur en ingedien word.

Fondse

- 29.** (1) Die fondse van CapeNature bestaan uit—
- (a) inkomste verkry van die verrigting van sy werksaamhede soos beoog in artikel 11(1);
 - (b) fondse wat deur die Provinsiale Parlement aan hom bewillig is;
 - (c) toelaes en fondse wat van enige persoon ontvang is;
 - (d) vrywillige bydraes, skenkings en bemakings;
 - (e) inkomste wat van beleggings verkry word;
 - (f) boetes ontvang of verhaal ten opsigte van misdrywe kragtens hierdie Wet; en
 - (g) geld afkomstig van enige ander bron, met die goedkeuring van die Provinsiale Minister en die Raad, behoudens die Wet op Openbare Finansiële Bestuur.

(2) CapeNature moet sy fondse aanwend om sy werksaamhede bedoel in artikels 10 en 11 te verrig en om sy en die Raad se bedryfs- administratiewe en bestuurskoste te dek, insluitende die betaling van die vergoeding, toelaes en reis- en verblyfuitgawes van lede van die Raad, die Hoof- Uitvoerende Beampte en die personeellede van CapeNature.

(3) Die Hoof- Uitvoerende Beampte moet verseker dat alle fondse wat ingevolge subartikel (1) ontvang is, in CapeNature se bankrekening gestort word.

Reserwefondse

30. (1) Die Raad kan, behoudens die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, finansiële reserwes skep vanuit die fondse wat ingevolge artikel 29(1) ontvang is, ten einde sy werksaamhede te verrig.

(2) Enige oordragte na en van die finansiële reserwes moet deur die Raad bekragtig word.

Beleggings

31. Die Raad kan enige fondse van CapeNature wat nie onmiddellik benodig word nie, belê, behoudens enige beleggingsbeleid wat ingevolge artikel 7(4) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur voorgeskryf word.

Deel 6

Ontbinding van Raad van CapeNature

Ontbinding van Raad

32. (1) Indien die Provinsiale Minister op redelike gronde vermoed dat die Raad nie sy werksaamhede ingevolge artikel 12 verrig nie, moet hy of sy 'n voorskrif beoog in artikel 7(2)(c) uitreik.

(2) Indien die Provinsiale Minister nie oortuig is dat die Raad aan die voorskrif beoog in subartikel (1) voldoen het nie, kan die Provinsiale Minister die Raad by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* ontbind.

(3) Die Provinsiale Minister kan die werksaamhede van die Raad verrig vanaf die datum van publikasie van die kennisgewing beoog in subartikel (2) tot die aanstelling van 'n nuwe Raad beoog in subartikel (4).

(4) Die Provinsiale Minister moet binne 'n redelike tydsraamwerk ná die ontbinding van die Raad, lede in die Raad aanstel soos beoog in artikel 15.

Ontbinding van CapeNature

33. (1) CapeNature mag nie gelikwedeer of ontbind word nie behalwe deur 'n Wet van die Provinsiale Parlement.

(2) By sy ontbinding moet CapeNature sy oorblywende bates en die opbrengs van daardie bates oordra aan die Departement of aan 'n gelykwaardige openbare instelling soos omskryf in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, soos deur die Provinsiale Minister bepaal.

HOOFSTUK 5

BIODIVERSITEITSBEPLANNING EN -MONITERING

Ruimtelike Plan vir Biodiversiteit

34. (1) CapeNature moet binne een jaar vanaf die inwerkingtreding van hierdie Wet, ná oorleg met die Departementshoof, 'n konsep- Ruimtelike Plan vir Biodiversiteit opstel en dit aan die Provinsiale Minister voorlê vir aanneming.

(2) Voordat die Provinsiale Minister die Ruimtelike Plan vir Biodiversiteit aanneem, moet hy of sy—

- (a) in die amptelike tale van die Provinsie, 'n verwysing na waar die publiek toegang kan kry tot die konsep- Ruimtelike Plan vir Biodiversiteit publiseer—
 - (i) by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*; en
 - (ii) in twee koerante wat in die Provinsie sirkuleer, waarvan minstens een in gedrukte formaat moet wees;
- (b) die konsep- Ruimtelike Plan vir Biodiversiteit op 'n redelike wyse op die plek vermeld ingevolge paragraaf (a) aan die publiek beskikbaar stel en toeganklik maak; en
- (c) 'n tydperk van minstens 60 dae vir kommentaarlewering toelaat vanaf die publikasiedatum van die kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*.

(3) Die Provinsiale Minister moet—

- (a) alle kommentaar wat ontvang is, oorweeg; en

- (b) binne 90 dae vanaf die verstryking van die kommentaartydperk beoog in subartikel (2)(c), die finale Ruimtelike Plan vir Biodiversiteit aanneem en dit by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* publiseer.

Doel van Ruimtelike Plan vir Biodiversiteit

35. Die doel van 'n Ruimtelike Plan vir Biodiversiteit is om—

- (a) biodiversiteitsmikpunte te stel;
- (b) ruimtelik een of meer kategorieë van biodiversiteitsprioriteitsgebiede te identifiseer wat die toekomstige bestaan en funksionering van biodiversiteit en ekosisteme, insluitende die lewering van ekosisteedienste, sal verseker;
- (c) riglyne te verskaf wat die gewenste bestuursdoelwitte vir grond- en hulpbrongebruik in elke kategorie biodiversiteitsprioriteitsgebied uiteensit;
- (d) riglyne vir ruimtelike beplanning en grondgebruikbesluitneming te verskaf om omgewingsvolhoubare ontwikkeling en hulpbrongebruik en ekologiese en ruimtelike weerstandigheid in die Provinsie te verseker; en
- (e) verseker dat die ekologiese infrastruktuur in die Provinsie in stand gehou word, ekosisteamfragmentasie en -verlies vermy word en dat die weerstandigheid van ekosisteme en menslike gemeenskappe teen die impakte van klimaatsverandering versterk word.

Inhoud van Ruimtelike Plan vir Biodiversiteit

36. 'n Ruimtelike Plan vir Biodiversiteit moet—

- (a) met behulp van die beginsels en metodes van stelselmatige biodiversiteitsbeplanning ontwikkel word, en moet op die beste beskikbare wetenskap en data gebaseer wees;
- (b) biodiversiteitsmikpunte stel wat die kategorieë van biodiversiteitsprioriteitsgebiede moet onderlê;
- (c) biodiversiteitsprioriteitsgebiede identifiseer volgens die kategorieë en mikpunte beoog in paragraaf (b);
- (d) 'n ruimtelike voorstelling en ruimtelike data van biodiversiteitsprioriteitsgebiede bevat; en
- (e) riglyne vir gewenste bestuursdoelwitte bevat vir elke kategorie biodiversiteitsprioriteitsgebied wat ingevolge paragraaf (c) geïdentifiseer word.

Gebruik en toepassing van Ruimtelike Plan vir Biodiversiteit

37. (1) Die Ruimtelike Plan vir Biodiversiteit is 'n provinsiale plan soos beoog in—

- (a) artikels 25(1)(e), 26(d), 27(2)(a) en 29(1)(c) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels;
- (b) artikels 12(4), 15(3)(b) en 16(c) van die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, 2013 (Wet 3 van 2013); en
- (c) artikel 4(3)(c)(ii) en (iii) van die Wes-Kaapse Wet op Grondgebruikbeplanning, 2014 (Wet 3 van 2014), wat die prioriteite, doelwitte en strategieë vir biodiversiteit, ekologiese hulpbronne en verwante klimaatsveranderingaanpassing daarstel.

(2) Die Ruimtelike Plan vir Biodiversiteit moet ten grondslag van die volgende lê:

- (a) die Uitbreidingsstrategie vir Provinsiale Beskermdes Gebiede en biodiversiteitsopsigterskap;

- (b) die identifisering van ekosisteme en ekologiese infrastruktuur en die lysing van spesies ingevolge hierdie Wet en ander omgewingswetgewing;
- (c) grondgebruikbeplanning en -besluitneming;
- (d) beleid en riglyne wat ingevolge omgewingswetgewing opgestel is;
- (e) enige besluitondersteuningstelsel, omgewingsbestuursdokument of strategiese omgewingsevaluering wat ingevolge omgewingswetgewing ontwikkel of gebruik word;
- (f) besluite en handelinge deur enige staatsorgaan wie se beleid en besluite 'n impak op biodiversiteit in die Provinsie het; en
- (g) biodiversiteitsteëwigte.

(3) Wanneer 'n munisipaliteit sy ruimtelike ontwikkelingsraamwerk ingevolge die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels aanneem of wysig ten opsigte van grondgebruiks-aangeleenthede in gebiede wat in die Ruimtelike Plan vir Biodiversiteit as biodiversiteits-prioriteitsgebiede geïdentifiseer is, moet die munisipaliteit aandui hoe die grondgebruikbeplannings-kategorieë in die ruimtelike ontwikkelingsraamwerk die gewenste bestuursdoelwitte in die riglyne beoog in artikel 36(e) in aanmerking geneem het.

(4) Vir die doeleindes van enige magtigingsvereiste vir 'n aktiwiteit vermeld ingevolge omgewingswetgewing weens die impak van sodanige aktiwiteit op biodiversiteit in 'n bepaalde gebied, identifiseer die Ruimtelike Plan vir Biodiversiteit die biodiversiteitsprioriteitsgebiede wat tot sodanige vereiste aanleiding gee.

Hersiening van Ruimtelike Plan vir Biodiversiteit

38. (1) CapeNature moet, ná oorleg met die Departementshoof, die Ruimtelike Plan vir Biodiversiteit minstens elke vyf jaar hersien of wanneer die Provinsiale Minister hom opdrag gee om dit te doen.

(2) Artikel 34 is van toepassing, met die nodige veranderinge, op die hersiening en wysiging van die Ruimtelike Plan vir Biodiversiteit.

(3) Die Provinsiale Minister moet minstens elke 10 jaar die Ruimtelike Plan vir Biodiversiteit evalueer om te bepaal of en die mate waarin die doelwitte en mikpunte van die plan bereik is.

HOOFSTUK 6

BESKERMDE GEBIEDE, BERGOPVANGSGEBIEDE, PRIVAAT NATUURRESERVATE, BIODIVERSITEITSOPSIGTERS-KAP EN BIOSFEERRESERVATE

Deel 1

Uitbreiding van beskermde gebiede

Uitbreidingstrategie vir Provinsiale Beskermde Gebiede

39. (1) Ten einde die doelwitte beoog in artikel 2(g) te bereik—

- (a) kan die Provinsiale Minister enige gepaste maatreël tref, insluitende—
 - (i) die aanneming van 'n provinsiale strategie vir die uitbreiding van die provinsiale beskermdegebiednetwerk, wat kwantitatiewe mikpunte stel en die meganismes vir sodanige uitbreiding aanbeveel; en
 - (ii) die verklaring van beskermde gebiede ingevolge die Wet op Beskermde Gebiede; en
- (b) kan die Hoof- Uitvoerende Beampte enige gepaste biodiversiteitsopsigterskapskategorie beoog in artikel 43(1)(a) toepas.

(2) CapeNature moet, ná oorleg met die Departementshoof, binne twee jaar vanaf die inwerkingtreding van hierdie Wet, 'n konsep- Uitbreidingstrategie vir Provinsiale Beskermde Gebiede opstel en dit aan die Provinsiale Minister vir aanneming voorlê.

(3) Voordat die Provinsiale Minister die Uitbreidingstrategie vir Provinsiale Beskermde Gebiede aanneem, moet hy of sy—

- (a) in die amptelike tale van die Provinsie, 'n verwysing na waar die publiek toegang tot die konsep- Uitbreidingstrategie vir Provinsiale Beskermde Gebiede kan kry, publiseer—
 - (i) by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*; en
 - (ii) in twee koerante wat in die Provinsie sirkuleer, waarvan minstens een in gedrukte formaat moet wees;
 - (b) die konsep- Uitbreidingstrategie vir Provinsiale Beskermde Gebiede op 'n redelike wyse op die plek vermeld ingevolge paragraaf (a) aan die publiek beskikbaar stel en toeganklik maak; en
 - (c) 'n kommentaartydperk van minstens 60 dae vanaf die datum van publikasie van die kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* toelaat.
- (4) Die Provinsiale Minister moet—
- (a) alle kommentaar wat ontvang is, oorweeg; en
 - (b) binne 90 dae vanaf die verstryking van die kommentaartydperk beoog in subartikel (3)(c) die finale Uitbreidingstrategie vir Provinsiale Beskermde Gebiede aanneem en dit by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* publiseer.

Deel 2

Bergopvangsgebiede

Verklaring van bergopvangsgebiede

40. (1) Die Provinsiale Minister kan by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*—

- (a) 'n gebied verklaar as—
 - (i) 'n bergopvangsgebied; of
 - (ii) deel van 'n bestaande bergopvangsgebied; en
- (b) 'n naam aan daardie bergopvangsgebied toeken.

(2) Die Provinsiale Minister kan ingevolge subartikel (1)(a) 'n verklaring maak indien die beheer en bestuur van aktiwiteite en hulpbronne in die betrokke gebied vereis word om—

- (a) die biodiversiteit en ekosisteme in die gebied in stand te hou;
- (b) die verskaffing van ekosisteedienste, veral waterverskaffing, te volhou;
- (c) te verseker dat die gebruik van ekosisteedienste in die gebied volhoubaar is.

(3) Die Provinsiale Minister kan 'n verklaring ingevolge subartikel (1) maak ten opsigte van enige grond, insluitende grond in privaat besit.

(4) Indien die Provinsiale Minister op redelike gronde oortuig is dat 'n bergopvangsgebied, of enige gedeelte daarvan, nie meer as sodanig benodig word nie, kan die Provinsiale Minister, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, na gelang van die geval—

- (a) die verklaring van daardie bergopvangsgebied intrek; of
- (b) die grense van daardie bergopvangsgebied verander om enige gedeelte daarvan uit te sluit.

(5) Voordat die Provinsiale Minister 'n kennisgewing beoog in subartikel (1)(a), (3) of (4) uitreik, moet hy of sy, op die voorgeskrewe wyse, grondeienaars van die beoogde kennisgewing en die gevolg van die kennisgewing in kennis stel.

(6) 'n Gebied wat, by die inwerkingtreding van hierdie Wet, uit hoofde van 'n verklaring kragtens artikel 2 van die Wet op Bergopvanggebiede 'n bergopvanggebied is, word geag kragtens subartikel (1) tot 'n bergopvangsgebied verklaar te wees.

(7) 'n Gebied hou op om 'n bergopvangsgebied te wees indien daardie gebied verklaar word as, of ingesluit word by, 'n spesiale natuurreservaat, nasionale park of natuurreservaat of 'n gedeelte daarvan, ingevolge artikel 18, 20 of 23 van die Wet op Beskernde Gebiede.

Bestuur van bergopvangsgebiede

41. Die Provinsiale Minister kan—

- (a) spesifieke vereistes vir die bestuur van bergopvangsgebiede voorskryf; of
- (b) spesifieke aktiwiteite voorskryf wat in bergopvangsgebiede verbied word, met inagneming van die vereistes van artikel 40(2).

Deel 3

Privaat natuurreservate

Verklaring van privaat natuurreservate

42. (1) 'n Grondeienaar kan op die voorgeskrewe wyse by die Provinsiale Minister aansoek doen om 'n privaat natuurreservaat te verklaar op grond wat die grondeienaar besit en om 'n naam aan die reservaat toe te ken.

(2) Die Provinsiale Minister moet die aansoek oorweeg met inagneming van die volgende:

- (a) die bydrae van die voorgestelde privaat natuurreservaat tot biodiversiteits-bewaringsdoelwitte en -mikpunte in die Provinsie; en
- (b) die vermoë van die grondeienaar om die privaat natuurreservaat te bestuur en in stand te hou om daardie doelwitte en mikpunte te bereik.

(3) Die Provinsiale Minister kan die aansoek goedkeur, met of sonder voorwaardes, of dit weier.

(4) Indien die Provinsiale Minister die aansoek goedkeur, moet die Provinsiale Minister die privaat natuurreservaat by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* verklaar, tesame met die naam van die reservaat, die grense daarvan, en die verwysing na waar toegang gekry kan word tot die voorwaardes, indien enige, waaraan die goedkeuring onderhewig is.

(5) Die eienaar van 'n privaat natuurreservaat kan—

- (a) die privaat natuurreservaat as 'n privaat natuurreservaat adverteer;
- (b) by die Provinsiale Minister aansoek doen om—
 - (i) die grense of die naam, of die grense en die naam, van die privaat natuurreservaat te verander; of
 - (ii) die verklaring van die privaat natuurreservaat in te trek.

(6) Die Provinsiale Minister—

- (a) kan 'n aansoek beoog in subartikel (5)(b)(i) met of sonder voorwaardes goedkeur of dit weier;
- (b) moet 'n aansoek beoog in subartikel (5)(b)(ii) goedkeur.

(7) Die Provinsiale Minister moet—

- (a) waar 'n aansoek beoog in subartikel (5)(b)(i) goedgekeur is, kennis in die *Provinsiale Koerant* gee van die nuwe grense of die nuwe naam of die nuwe grense en die nuwe naam van die privaat natuurreservaat en die verwysing na waar toegang gekry kan word tot die voorwaardes, indien enige, waaraan die goedkeuring onderhewig is; of

- (b) in die geval van die intrekking van die verklaring van die privaat natuurreservaat, kennis van die intrekking in die *Provinsiale Koerant* gee.
- (8) 'n Persoon wat 'n privaat natuurreservaat adverteer, moet aan enige relevante voorwaardes wat ingevolge subartikel (3) of (6)(a), na gelang van die geval, opgelê is, voldoen.
- (9) Enige privaat natuurreservaat wat ingevolge die Ordonnansie ingestel is, word, ondanks die herroeping daarvan deur hierdie Wet, geag ingevolge subartikel (4) as 'n privaat natuurreservaat verklaar te wees.
- (10) Die Provinsiale Minister kan die verklaring van 'n privaat natuurreservaat by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* intrek indien die Provinsiale Minister op redelike gronde oortuig is dat—
 - (a) die privaat natuurreservaat nie meer doeltreffend tot biodiversiteitsbewaringsdoelwitte en -mikpunte in die Provinsie bydra nie; of
 - (b) die grondeienaar nie meer die kapasiteit het om die privaat natuurreservaat te bestuur en in stand te hou om daardie doelwitte en mikpunte te bereik nie.
- (11) Voordat die Provinsiale Minister ingevolge subartikel (10) handel, moet die Provinsiale Minister die grondeienaar 'n geleentheid gee om versoë te rig.
- (12) Die Provinsiale Minister kan vereistes vir die bestuur van privaat natuurreservate voorskryf.
- (13) Subartikels (5)(b) en (10) is van toepassing slegs ten opsigte van 'n privaat natuurreservaat wat ingevolge subartikel (4) verklaar is of uit hoofde van subartikel (9) geag word aldus verklaar te wees.

Deel 4

Biodiversiteitsopsigterskap

Biodiversiteitsopsigterskap

- 43.** (1) Ten einde die Uitbreidingsstrategie vir Provinsiale Beskernde Gebiede te implementeer, kan die Provinsiale Minister die volgende voorskryf:
- (a) verskillende kategorieë van biodiversiteitsopsigterskapsgebiede;
 - (b) maatstawwe en voorwaardes wat op elke kategorie van biodiversiteitsopsigterskapsgebied van toepassing is;
 - (c) 'n aansoekproses vir die registrasie, wysiging van die grense van of intrekking van die registrasie van 'n biodiversiteitsopsigterskapsgebied;
 - (d) die regte, pligte en bevoegdhede van grondeienaars ten opsigte van biodiversiteitsopsigterskapsgebiede;
 - (e) die maatstawwe en doelwitte vir die bestuursplanne van biodiversiteitsopsigterskapsgebiede; en
 - (f) enige ander aangeleentheid wat nodig is vir die behoorlike bestuur van biodiversiteitsopsigterskapsgebiede.
- (2) Die Hoof- Uitvoerende Beampte kan 'n biodiversiteitsopsigterskapsooreenkoms met enige grondeienaar aangaan.
- (3) CapeNature moet die status van biodiversiteitsopsigterskapsooreenkomste en biodiversiteitsopsigterskapsgebiede monitor en jaarliks aan die Provinsiale Minister daarvoor verslag doen.
- (4) Indien 'n grondeienaar wat 'n party is tot 'n biodiversiteitsopsigterskapsooreenkoms, daardie ooreenkoms verbreek, kan die Provinsiale Minister 'n administratiewe boete ingevolge artikel 73 oplê.
- (5) Die oplegging van 'n administratiewe boete soos beoog in subartikel (4) raak nie enige persoon se gemeenregtelike regte nie.

Deel 5

Biosfeerreservate

Aansoek om UNESCO-aanwysing as biosfeerreservaat

44. (1) Enige persoon of staatsorgaan kan die Provinsiale Minister se goedkeuring versoek om met 'n aansoek om UNESCO-aanwysing van 'n biosfeerreservaat voort te gaan.

(2) 'n Versoek beoog in subartikel (1) moet—

- (a) voorafgegaan word deur die voorgeskrewe openbaredeelnameproses;
- (b) ooreenkomstig die voorgeskrewe formaat wees; en
- (c) die voorgestelde samestelling van 'n tussentydse biosfeerreservaatkomitee insluit wat breedweg verteenwoordigend van alle belanghebbende persone, instellings en gemeenskappe is.

(3) Die Provinsiale Minister kan die versoek beoog in subartikel (2) met of sonder voorwaardes goedkeur of dit weier.

(4) Indien die Provinsiale Minister die versoek goedkeur, moet die tussentydse biosfeerreservaatkomitee—

- (a) op die voorgeskrewe wyse ingestel word;
- (b) die aansoek om UNESCO-aanwysing van die biosfeerreservaat in die formaat soos bepaal deur die UNESCO Mens en die Biosfeer-program opstel;
- (c) die aansoek aan die Provinsiale Minister voorlê binne die voorgeskrewe tydperk of enige verlengde tydperk bepaal deur die Provinsiale Minister; en
- (d) indien die Provinsiale Minister dit versoek, die aansoek ooreenkomstig die Provinsiale Minister se instruksies wysig.

(5) Indien die Provinsiale Minister oortuig is dat die aansoek—

- (a) aan die relevante maatstawwe van die UNESCO Mens en die Biosfeer-program voldoen;
- (b) bestaanbaar is met die oogmerke van hierdie Wet; en
- (c) indien van toepassing, die wysigings beoog in subartikel (4)(d) bevat,

kan die Provinsiale Minister goedkeur dat die aansoek om UNESCO-aanwysing aangestuur word na die Nasionale Minister vir oorweging voordat dit aan UNESCO voorgelê word.

(6) Indien UNESCO die biosfeerreservaat aanwys, moet die Provinsiale Minister binne 90 dae ná UNESCO se aanwysing 'n kennisgewing van die aanwysing in die *Provinsiale Koerant* publiseer.

(7) Die Provinsiale Minister moet minstens elke 10 jaar, met ingang van die aanwysing van 'n biosfeerreservaat, die status, funksionering, doeltreffendheid en raamwerkplan van die biosfeerreservaat volgens die betrokke doelwitte, strategieë en riglyne van die UNESCO Mens en die Biosfeer-program hersien.

(8) Indien die Provinsiale Minister van mening is, ná oorleg met die bestuurskomitee beoog in artikel 45 en belanghebbende en geraakte partye, dat 'n biosfeerreservaat nie meer aan die kernwerkzaamhede van die UNESCO Mens en die Biosfeer-program voldoen nie en nie meer die vooruitsig het om aldus te voldoen nie, kan die Provinsiale Minister aan die Nasionale Minister aanbeveel om 'n versoek aan UNESCO te rig vir die intrekking van die aanwysing van daardie biosfeerreservaat.

(9) 'n Biosfeerreservaat wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet in die Provinsie ingestel is, word geag ingevolge hierdie Wet ingestel te wees.

Bestuur van biosfeerreservate

45. (1) Ná die publikasie van die aanwysing van 'n biosfeerreservaat in die *Provinsiale Koerant* moet die tussentydse biosfeerreservaatkomitee 'n bestuurskomitee op die voorgeskrewe wyse instel, waarna die tussentydse biosfeerreservaatkomitee ontbind.

(2) Die bestuurskomitee moet—

- (a) verseker dat die biosfeerreservaat sy bewarings-, volhoubareontwikkelings- en bedryfs-werksaamhede uitvoer;
- (b) 'n Biosfeerreservaatraamwerkplan soos beoog in artikel 46 opstel; en
- (c) jaarliks aan die Provinsiale Minister verslag doen, of met korter tussenposes bepaal deur die Provinsiale Minister, van die bereiking van die doelwitte en die bedrywighede van die biosfeerreservaat.

Biosfeerreservaatraamwerkplan

46. (1) 'n Biosfeerreservaatraamwerkplan moet alle grond binne die biosfeerreservaat as kern-, buffer- of oorgangsgebiede kategoriseer en kan grondgebruike identifiseer wat in elke kategorie gepas is.

(2) 'n Biosfeerreservaatraamwerkplan moet bestaanbaar wees met—

- (a) die UNESCO Mens en die Biosfeer-program;
- (b) indien die biosfeerreservaat in 'n beskermde gebied geleë is, die bestuursplan vir daardie beskermde gebied ingevolge die Wet op Beskermde Gebiede;
- (c) die Ruimtelike Plan vir Biodiversiteit;
- (d) die Uitbreidingsstrategie vir Provinsiale Beskermde Gebiede;
- (e) die oogmerke van hierdie Wet; en
- (f) enige ander voorgeskrewe aangeleentheid.

(3) Die Provinsiale Minister kan die inhoud van 'n Biosfeerreservaatraamwerkplan voorskryf en die tydperk waarbinne die plan deur die bestuurskomitee van die biosfeerreservaat hersien moet word.

Befondsing van biosfeerreservate

47. (1) Die Provinsiale Minister kan, ooreenkomstig 'n bewilliging deur die Provinsiale Parlement, ten opsigte van die instelling, bedryf, bestuur of uitbreiding van, of ten opsigte van bewaring in, 'n biosfeerreservaat finansiële of ander bystand verleen.

(2) Die bystand beoog in subartikel (1) kan onderhewig gemaak word aan voorwaardes wat die Provinsiale Minister bepaal.

HOOFSTUK 7**BESKERMING VAN EKOSISTEME, EKOLOGIESE INFRASTRUKTUUR EN SPESIES****Ekosisteme of ekologiese infrastruktuur wat spesiale beskerming benodig**

48. (1) Die Provinsiale Minister kan by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* 'n ekosisteem of 'n gedeelte daarvan of 'n gebied van ekologiese infrastruktuur identifiseer wat spesiale beskerming benodig om die instandhouding van die ekologiese integriteit daarvan of die lewering van ekosisteemdienste te verseker.

(2) 'n Kennisgewing beoog in subartikel (1) kan voorsiening maak vir—

- (a) die verbod op of beperking van enige aktiwiteit; en
- (b) die instelling van bestuursvereistes vir enige grondeienaar,

binne die geïdentifiseerde ekosisteem of ekologiese infrastruktuur, permanent of vir 'n vermelde tydperk.

(3) Voordat die Provinsiale Minister 'n kennisgewing beoog in subartikel (1) uitreik, moet hy of sy, op die voorgeskrewe wyse, die betrokke grondeienaars in kennis stel van die beoogde kennisgewing en die gevolge daarvan, en aan hulle 'n redelike geleentheid bied om kommentaar te lewer.

(4) Die Provinsiale Minister kan by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* 'n kennisgewing beoog in subartikel (1), of enige gedeelte van die kennisgewing, wysig of intrek indien die omstandighede wat veroorsaak het dat die Provinsiale Minister sy of haar bevoegdhede ingevolge subartikel (1) uitgeoefen het, verander het.

(5) Ondanks enige ander toepaslike wetgewing, is dit 'n misdryf om nie aan 'n kennisgewing beoog in subartikel (1), of gewysig soos beoog in subartikel (4), te voldoen nie.

Biodiversiteitsteëwigte en ander versagtingsmaatreëls

49. Die Provinsiale Minister kan vereistes vir biodiversiteitsteëwigte of ander versagtingsmaatreëls in die Provinsie voorskryf ten einde die biodiversiteitsmikpunte gestel in die Ruimtelike Plan vir Biodiversiteit te bereik.

Spesies wat beskerming benodig of bedreiging vir omgewing inhou

50. (1) Die Provinsiale Minister kan beperkte aktiwiteite of beperkte metodes voorskryf ten opsigte van enige spesie of enige kategorie spesie wat ingevolge subartikel (2) gelys word.

(2) Die Provinsiale Minister kan lyste van die volgende spesies of kategorieë van spesies voorskryf:

- (a) spesies wat in die natuur uitgesterf het;
- (b) kritiek bedreigde spesies;
- (c) bedreigde spesies;
- (d) kwesbare spesies;
- (e) spesies wat beskerming benodig en nie ingevolge paragraaf (a), (b), (c) of (d) gelys is nie, insluitende spesies gelys—
 - (i) deur die Internasionale Unie vir die Bewaring van die Natuur as Amper Bedreig, Ontoereikende Data of Nie Geëvalueer nie; of
 - (ii) in aanhangsels I, II en III van CITES;
- (f) enige ander inheemse spesies wat nie ingevolge paragraaf (a), (b), (c), (d) of (e) gelys is nie;
- (g) buitelimietspesies;
- (h) uitheemse spesies;
- (i) indringerspesies;
- (j) spesies wat spesiale bestuursmaatreëls vereis; en
- (k) mak spesies.

(3) Die Provinsiale Minister kan die spesiale bestuursmaatreëls wat vir spesies wat ingevolge subartikel (2)(j) gelys word, voorskryf.

(4) Geen persoon mag 'n beperkte aktiwiteit of beperkte metode waarby 'n gelyste spesie betrokke is, verrig nie, tensy die persoon ingevolge artikel 53(1)(a) gemagtig is om dit te doen.

(5) Subartikel (4) is nie van toepassing op 'n gelyste spesie wat van buite die Provinsie ingebring is en onderweg is deur die Provinsie na 'n bestemming buite die Provinsie nie, mits die deurgang deur die Provinsie met 'n toepaslike magtiging ingevolge enige wet geskied.

(6) Die Provinsiale Minister kan spesies voorskryf ten opsigte waarvan 'n magtiging ingevolge hierdie Wet nie uitgereik mag word nie, vir 'n beperkte aktiwiteit of beperkte metode ten opsigte van daardie spesie.

HOOFSTUK 8 JAG AS BEROEP

Professionele jag

51. (1) Geen persoon mag enige diens as 'n beroepsjagter, jagondernemer of Direkteur van 'n Professionele Jagskool verskaf nie, tensy hy of sy ingevolge artikel 53(1)(a) daartoe gemagtig is.

(2) Geen kliënt mag jag nie, tensy hy of sy deur 'n beroepsjagter vergesel word.

(3) 'n Persoon wat subartikel (1) of (2) oortree, pleeg 'n misdryf.

HOOFSTUK 9 MAGTIGING

Aansoek om magtiging

52. 'n Aansoek om 'n magtiging wat ingevolge enige bepaling van hierdie Wet vereis word, moet op die voorgeskrewe wyse skriftelik by die Hoof- Uitvoerende Beampte ingedien word.

Besluit oor aansoek om magtiging

53. (1) Die Hoof- Uitvoerende Beampte kan—

- (a) 'n aansoek om magtiging met of sonder voorwaardes toestaan; of
- (b) die aansoek om magtiging weier.

(2) Die Hoof- Uitvoerende Beampte kan verdere inligting versoek, insluitende 'n onafhanklike risiko-evaluasie of deskundige getuienis beoog in artikel 54, voordat hy of sy die besluit beoog in subartikel (1) neem.

(3) Die Hoof- Uitvoerende Beampte moet 'n aansoek weier indien dit onbestaanbaar is met—

- (a) die beginsels van ekologiese volhoubaarheid beoog in artikel 6 of enige ander bepaling van hierdie Wet;
- (b) enige relevante strategieë of planne wat ingevolge hierdie Wet aangeneem of goedgekeur is; of
- (c) behoudens artikel 231 van die Grondwet, enige toepaslike internasionale ooreenkoms.

Risiko-evaluasies en deskundige getuienis

54. Voordat die Hoof- Uitvoerende Beampte 'n aansoek om magtiging toestaan, kan hy of sy van die aansoeker vereis om, op die aansoeker se onkoste, die onafhanklike risiko-evaluasie of deskundige getuienis te verskaf wat—

- (a) die Hoof- Uitvoerende Beampte bepaal nodig is om 'n besluit oor die aansoek te neem; of
- (b) voorgeskryf word.

Bewys van wettige besit

55. 'n Persoon in besit van 'n eksemplaar van 'n wilde dier moet in besit wees van die voorgeskrewe dokumentasie wat bewys lewer van die wettige besit vir die eksemplaar.

Geïntegreerde magtiging

56. (1) Indien die Hoof- Uitvoerende Beampte kragtens 'n ander wet bevoeg is om 'n magtiging ingevolge daardie ander wet uit te reik vir 'n aktiwiteit wat ook magtiging kragtens hierdie Wet vereis, kan die Hoof- Uitvoerende Beampte 'n enkele geïntegreerde magtiging uitreik.

(2) 'n Geïntegreerde magtiging mag uitgereik word slegs indien die betrokke aansoek aan die relevante bepalings van hierdie Wet en die ander wet voldoen.

Hersiening, opskorting, intrekking en wysiging van magtiging

57. (1) Die Hoof- Uitvoerende Beampte kan te eniger tyd 'n magtiging, of enige gedeelte daarvan, wat deur hom of haar toegestaan is, hersien en kan die magtiging te eniger tyd wysig of intrek indien—

- (a) hy of sy op redelike gronde oortuig is dat die aktiwiteit of aktiwiteite wat deur die magtiging gemagtig is, 'n nadelige uitwerking het of 'n aansienlike negatiewe impak op die omgewing kan veroorsaak wat nie ten tyde van die magtiging voorsien is nie;
- (b) die houer van die magtiging—
 - (i) onakkurate, foutiewe of misleidende inligting in verband met enige aangeleentheid ingedien het wat ingevolge hierdie Wet ingedien moet word;
 - (ii) versuim om aan enige voorwaarde van die magtiging te voldoen;
 - (iii) versuim om aan enige bepaling van hierdie Wet te voldoen of ondersoek word vir versuim om te voldoen aan enige ander wetgewing wat die gemagtigde aktiwiteit reguleer of daarmee verband hou; of
 - (iv) ingevolge hierdie Wet of enige ander provinsiale of nasionale wetgewing wat met die gemagtigde aktiwiteit verband hou, aan 'n misdryf skuldig bevind is.

(2) Die Hoof- Uitvoerende Beampte kan die magtiging of 'n gedeelte daarvan opskort voordat hy of sy maatreëls soos beoog in subartikel (1) tref.

(3) 'n Magtiging, of 'n gedeelte daarvan, wat opgeskort is, bly opgeskort totdat die Hoof- Uitvoerende Beampte—

- (a) die opskorting ophef;
- (b) die magtiging wysig; of
- (c) die magtiging intrek.

(4) Die Hoof- Uitvoerende Beampte kan—

- (a) enige redelike maatreëls tref om die situasie reg te stel wat kan ontstaan as gevolg van die opskorting of intrekking van 'n magtiging of 'n gedeelte daarvan weens nievoldoening deur die houer van die magtiging aan die toepaslike wetgewing; en
- (b) van die houer van die magtiging enige redelike koste verhaal wat aangegaan en genoodsaak is deur die maatreëls soos beoog in paragraaf (a) te tref.

HOOFSTUK 10 VOLDOENING EN AFDWINGING

Deel 1

Voldoenings- en wetstoepassingsbeamptes en regsaaengeleenthede

Aanwysing van natuurbewaringsbeamptes, natuurbewaringsveldwagters en erenatuurbewarings-beamptes

58. Die Hoof- Uitvoerende Beampte—

- (a) kan 'n gepas gekwalifiseerde persoon—
 - (i) wat in diens is van CapeNature, as 'n natuurbewaringsbeampte aanwys;
 - (ii) wat in diens is van 'n munisipaliteit of staatsorgaan, by ooreenkoms met die betrokke werkgewer as 'n natuurbewaringsveldwagter aanwys; of
 - (iii) as 'n erenatuurbewaringsbeampte aanwys;
- (b) moet, wanneer 'n persoon ingevolge paragraaf (a) aangewys word, die bepalings, van hierdie Wet of enige ander wet, wat daardie persoon aangewys is om af te dwing, vermeld;
- (c) kan te eniger tyd 'n aanwysing beoog in paragraaf (a) intrek.

Verklaring van natuurbewaringsbeamptes en natuurbewaringsveldwagters as vredesbeamptes

59. Die Hoof- Uitvoerende Beampte kan die Nasionale Minister verantwoordelik vir Justisie versoek om natuurbewaringsbeamptes en natuurbewaringsveldwagters ingevolge artikel 334 van die Strafproseswet as vredesbeamptes te verklaar vir die verrigting van hul werksaamhede ingevolge hierdie Wet en ten opsigte van bevoegdhede of pligte wat kragtens enige ander wetgewing aan CapeNature gedelegeer of opgedra is.

Mandaat van natuurbewaringsbeamptes en natuurbewaringsveldwagters

60. 'n Natuurbewaringsbeampte of natuurbewaringsveldwagter kan binne sy of haar regsgebied die volgende afdwing:

- (a) voldoening aan hierdie Wet en magtigings uitgereik ingevolge hierdie Wet; en
- (b) voldoening aan ander wetgewing in die mate waarin die implementasie van daardie wetgewing aan CapeNature gedelegeer of opgedra is.

Erenatuurbewaringsbeamptes

61. (1) 'n Erenatuurbewaringsbeampte mag slegs die bevoegdhede uiteengesit in subartikels (2) en (3) en slegs binne 'n geografiese gebied vermeld in die aanwysing beoog in artikel 58(a)(iii) uitoefen.

(2) 'n Erenatuurbewaringsbeampte kan enige persoon wat enige handeling verrig, of wat die erenatuurbewaringsbeampte redelikerwys vermoed enige handeling verrig het, waarvoor 'n magtiging, vrystelling of bevel of die skriftelike toestemming van 'n grondeienaar of van enige ander persoon kragtens enige bepaling van hierdie Wet nodig is, versoek om—

- (a) sodanige magtiging, vrystelling, bevel of toestemming te verskaf; en
- (b) sy of haar naam en adres te verskaf.

- (3) 'n Erenatuurbewaringsbeampte kan CapeNature bystaan met—
- (a) die opsporing en verslagdoening van misdrywe ingevolge hierdie Wet; en
 - (b) die verrigting van enige bewaringsverwante aktiwiteit, in opdrag van 'n natuur-bewaringsbeampte.

Werkzaamhede van natuurbewaringsbeamptes en natuurbewaringsveldwagters

- 62.** 'n Natuurbewaringsbeampte of natuurbewaringsveldwagter, behoudens artikel 60—
- (a) moet voldoening aan die wet waarvoor hy of sy aangewys is, monitor en afdwing;
 - (b) kan enige handeling of versuim ondersoek wat—
 - (i) 'n misdryf is ingevolge so 'n wet;
 - (ii) 'n verbreking is van so 'n wet; of
 - (iii) 'n verbreking is van 'n bepaling of voorwaarde van 'n magtiging of ander dokument uitgereik of vereis ingevolge hierdie Wet;
 - (c) moet sy of haar werkzaamhede verrig—
 - (i) ooreenkomstig opdragte uitgereik deur CapeNature; en
 - (ii) onderhewig aan enige beperkings en ooreenkomstig enige prosedures wat voorgeskryf word; en
 - (d) kan vergesel word van 'n tolk of enige ander persoon wie se hulp redelikerwys benodig word.

Identiteitskaart en aanwysingsbrief

63. (1) Die Hoof- Uitvoerende Beampte moet 'n identiteitskaart en 'n aanwysingsbrief uitreik aan elke persoon wat ingevolge artikel 58 aangewys is.

(2) Wanneer 'n persoon aangewys ingevolge artikel 58 enige bevoegdheid uitoefen of plig verrig ingevolge hierdie Wet, moet hy of sy die identiteitskaart verskaf wanneer 'n lid van die publiek hom of haar vra om dit te doen.

(3) Die Hoof- Uitvoerende Beampte moet in die identiteitskaart en aanwysingsbrief die mandaat en bevoegdhede van die betrokke natuurbewaringsbeampte, natuurbewaringsveldwagter of erenatuurbewaringsbeampte en enige beperkings ten opsigte van daardie mandaat of daardie bevoegdhede aandui.

- (4) 'n Aanwysing ingevolge artikel 58 eindig wanneer—
- (a) in die geval van 'n natuurbewaringsbeampte, die beampte die diens van CapeNature verlaat;
 - (b) in die geval van 'n natuurbewaringsveldwagter, die beampte die diens van die munisipaliteit of ander staatsorgaan verlaat wat hom of haar ten tyde van die aanwysing ingevolge artikel 58(a)(ii) in diens gehad het;
 - (c) die aanwysing soos beoog in artikel 58(c) ingetrek word; of
 - (d) die geldigheidsydperk vermeld in die identiteitskaart of aanwysingsbrief verstryk het.

Algemene bevoegdhede van natuurbewaringsbeamptes en natuurbewaringsveldwagters

64. 'n Natuurbewaringsbeampte of natuurbewaringsveldwagter, behoudens artikels 60, 62, 65, 66 en 67 en die bepalings van hul aanwysing kragtens artikel 58, vir die doel van die verrigting van hul werkzaamhede, kan—

- (a) enige dokument, boek of rekord of enige skriftelike of elektroniese inligting wat vir die doeleindes van 'n ondersoek ingevolge artikel 62(b) moontlik relevant kan wees, ondersoek;
- (b) 'n afskrif van of uittreksels uit enige dokument, boek of rekord of enige skriftelike of elektroniese inligting beoog in paragraaf (a) maak, of sodanige dokument, boek, rekord of skriftelike of elektroniese inligting verwyder om afskrifte of uittreksels te maak;
- (c) van 'n persoon vereis om enige dokument, boek of rekord of enige skriftelike of elektroniese inligting beoog in paragraaf (a) vir inspeksie by 'n plek te verskaf of af te lewer;
- (d) enige eksemplaar, stof of ander item inspekteer wat hy of sy redelikerwys vermoed gebruik is om 'n misdryf te pleeg ingevolge die wet waarvoor hy of sy aangewys is en, indien nodig, daarop beslag lê en dit verwyder;
- (e) op enige wyse foto's neem of oudiovisuele opnames maak van enigiets of enige persoon wat relevant is vir die doeleindes van 'n ondersoek of vir 'n inspeksie;
- (f) behoudens ander toepaslike wetgewing, 'n afstandbeheerde lugvaartuig gebruik om foto's te neem of oudiovisuele opnames te maak wat relevant is vir die doeleindes van 'n ondersoek of vir 'n inspeksie;
- (g) in grond grawe of boor;
- (h) monsters van enige eksemplaar of ding neem;
- (i) op enige afval of ander stof wat strydig met die wet waarvoor hy of sy aangewys is, geplaas of vrygestel is, beslag lê en dit verwyder;
- (j) enige persoon opdrag gee om hom of haar by die uitvoering van 'n inspeksie of ondersoek by te staan;
- (k) beslag lê op enige strik, vangkraal, gif of ander toestel waar daar redelikerwys vermoed word dat dit gebruik word om 'n wilde dier wederegtelik te jag of te vang, en kan dit verwyder of, indien daar nie daarop beslag gelê kan word en dit verwyder kan word nie, dit vernietig of dit skadeloos stel;
- (l) op enige vee of ander dier wat grond onder die beheer of bestuur van CapeNature onregmatig betree, beslag lê en dit verwyder;
- (m) enige persoon opdrag gee om onmiddellik enige aktiwiteit, handeling of proses te staak wat verband hou met 'n oortreding van die wet waarvoor hy of sy aangewys is;
- (n) enige ander handeling verrig wat nodig is vir die doeleindes van die afdwinging van die wet waarvoor hy of sy aangewys is.

Roetine-inspeksies

65. (1) Waar 'n magtiging uitgereik is, kan 'n natuurbewaringsbeampte—

- (a) te eniger redelike tyd by die eiendom waarop die magtiging betrekking het, 'n roetine-inspeksie uitvoer; en
- (b) daar sonder 'n lasbrief enige perseel of enige sak, boks of ander item betree en inspekteer,

met die doel om vas te stel of daar voldoen word aan 'n bepaling of voorwaarde van daardie magtiging of aan enige ander dokument wat ingevolge hierdie Wet uitgereik is of vereis word.

(2) Wanneer 'n natuurbewaringsbeampte 'n roetine-inspeksie uitvoer, kan die natuurbewaringsbeampte, indien hy of sy redelike gronde het om te vermoed dat 'n misdryf gepleeg is ingevolge die wet waarvoor hy of sy aangewys is—

- (a) beslag lê op enige eksemplaar of item wat in die vervolging van enige persoon as bewys kan dien vir daardie misdryf, en dit verwyder;

- (b) indien hy of sy 'n vredesbeampte is, enige persoon wat redelikerwys verdink word van die pleging van daardie misdryf, in hegtenis neem.

Lasbriewe

66. (1) 'n Natuurbewaringsbeampte of natuurbewaringsveldwagter—

- (a) moet, voordat hy of sy enige bevoegdheid ingevolge artikel 64 uitoefen om enige perseel te betree of te deursoek of op enigiets beslag te lê, by 'n magistraat 'n lasbrief aanvra, deur onder eed of plegtige verklaring uiteen te sit waarom dit nodig is om die vermelde perseel te betree en te deursoek of om op die vermelde item beslag te lê; en
- (b) kan sodanige lasbrief uitvoer.

(2) Artikels 20 en 21 van die Strafproseswet is van toepassing, met die nodige veranderinge, ten opsigte van enige aansoek of lasbrief beoog in subartikel (1).

(3) Indien 'n natuurbewaringsbeampte of natuurbewaringsveldwagter redelike gronde het om te vermoed dat 'n misdryf op of deur middel van enige perseel gepleeg word strydig met die wet waarvoor hy of sy aangewys is, kan hy of sy die perseel betree en deursoek sonder 'n lasbrief, maar slegs indien—

- (a) hy of sy die doel van die ondersoek verduidelik en die persoon in beheer van die perseel instem tot die betreding en deursoeking, nadat die persoon ingelig is dat daar geen verpligting is om die beampte of veldwagter sonder 'n lasbrief toe te laat nie; of
- (b) daar redelike gronde is om te glo dat 'n lasbrief op aansoek uitgereik sou word, maar dat die vertraging wat die aansoek om 'n lasbrief kan veroorsaak, die doel van die verkryging van die lasbrief sal verydel.

(4) Indien 'n natuurbewaringsbeampte of natuurbewaringsveldwagter redelike gronde het om te vermoed dat 'n item—

- (a) verband hou met die pleging of vermoedelike pleging van 'n misdryf wat strydig is met die wet waarvoor hy of sy aangewys is;
- (b) as bewys kan dien van die pleging of vermoedelike pleging van so 'n misdryf; of
- (c) bestem is vir gebruik by die pleging van so 'n misdryf,

kan hy of sy op die item beslag lê sonder 'n lasbrief wat hom of haar magtig om dit te doen, maar slegs indien—

- (i) hy of sy die doel van die beslaglegging verduidelik en die persoon in beheer van die item instem tot die beslaglegging, nadat die persoon ingelig is dat daar geen verpligting is om die beslaglegging sonder 'n lasbrief toe te laat nie; of
- (ii) daar redelike gronde is om te glo dat so 'n lasbrief op aansoek uitgereik sou word, maar dat die vertraging wat die aansoek om 'n lasbrief kan veroorsaak, die doel van die verkryging van die lasbrief sal verydel.

Bevoegdheide om voertuie, vaartuie, lugvaartuie en ander vervoermiddele voor te keer, te betree en te deursoek

67. (1) Indien 'n natuurbewaringsbeampte redelike gronde het om te vermoed dat 'n voertuig, vaartuig, lugvaartuig of ander vervoermiddel—

- (a) gebruik word of gebruik is, of enigiets bevat of vervoer wat gebruik word of gebruik is om—
- (i) 'n misdryf ingevolge die wet waarvoor hy of sy aangewys is, te pleeg; of
- (ii) 'n bepaling of voorwaarde van 'n magtiging of dokument wat ingevolge hierdie Wet uitgereik is of vereis word, te verbreek;

- (b) as bewys kan dien van die pleging of vermoedelike pleging van so 'n misdryf;
- (c) bestem is om gebruik te word of op redelike gronde geglo word bestem te wees om gebruik te word by die pleging van so 'n misdryf;
- (d) gebruik word op 'n wyse wat waarskynlik 'n nadelige uitwerking op die omgewing sal hê; of
- (e) iets bevat of vervoer wat as bewys kan dien van so 'n misdryf of verbreking,

kan hy of sy—

- (i) die operateur aan boord van 'n voertuig, vaartuig of ander vervoermiddel opdrag gee om stil te hou, of aan die kaptein van 'n vaartuig om vas te meer of aan 'n loods van 'n vliegtuig om te land; en
- (ii) indien nodig en moontlik, die voertuig, vaartuig, lugvaartuig of ander vervoermiddel dwing om stil te hou, vas te meer of te land, na gelang van die geval.

(2) Artikel 66 is van toepassing, met die nodige veranderinge, ten opsigte van die betreding en deursoeking van 'n voertuig, vaartuig, lugvaartuig of ander vervoermiddel beoog in subartikel (1) en die beslaglegging op sodanige voertuig, vaartuig, lugvaartuig of ander vervoermiddel of enigiets daarin of daarop.

Plig om dokumente te verskaf

68. 'n Persoon aan wie 'n magtiging of enige ander dokument ingevolge hierdie Wet uitgereik is, of van wie vereis word om in besit te wees van so 'n magtiging of dokument, moet, op versoek van 'n natuurbewaringsbeampte, natuurbewaringsveldwagter of erenatuurbewaringsbeampte daardie magtiging of dokument verskaf.

Hantering van eksemplaar of item waarop beslag gelê is

69. (1) Wanneer 'n natuurbewaringsbeampte of natuurbewaringsveldwagter ingevolge hierdie Wet op 'n eksemplaar of item, insluitende 'n rekord of skriftelike of elektroniese inligting, beslag lê en dit verwyder—

- (a) moet die natuurbewaringsbeampte of natuurbewaringsveldwagter 'n bewys van ontvangs vir die eksemplaar of item aan die persoon wat in beheer was van daardie eksemplaar of item verskaf wanneer daar aldus daarop beslag gelê word; en
- (b) kan die natuurbewaringsbeampte of natuurbewaringsveldwagter—
 - (i) die eksemplaar of item aan 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens oorhandig;
 - (ii) die eksemplaar of item behou; of
 - (iii) die persoon wat onmiddellik voor die beslaglegging in beheer daarvan was, opdrag gee om dit na 'n plek te neem wat die natuurbewaringsbeampte of natuurbewaringsveldwagter vermeld.

(2) Indien geen strafregtelike verrigtinge ingestel word in verband met 'n eksemplaar of item beoog in subartikel (1) nie, is artikel 31 van die Strafproseswet van toepassing, met die nodige veranderinge.

(3) Ten einde 'n voertuig, vaartuig, lugvaartuig of ander vervoermiddel waarop daar beslag gelê is, te beveilig, kan 'n natuurbewaringsbeampte of natuurbewaringsveldwagter dit immobiliseer deur enige onderdeel daarvan te verwyder.

(4) 'n Item waarop daar ingevolge hierdie Wet beslag gelê is, insluitende 'n gedeelte van 'n voertuig, vaartuig, lugvaartuig of ander vervoermiddel bedoel in subartikel (3), moet op so 'n wyse bewaar word dat dit so ver as moontlik teen skade beveilig is.

Sekuriteit vir teruggawe van voertuie, vaartuie, lugvaartuie of ander vervoermiddele

70. (1) Indien daar ingevolge hierdie Wet op 'n voertuig, vaartuig, lugvaartuig of ander vervoermiddel beslag gelê word en dit vir die doeleindes van strafregtelike vervolging bewaar word, kan die eienaar of agent van die eienaar te eniger tyd by 'n hof aansoek doen vir die teruggawe daarvan.

(2) Die hof kan beveel dat die voertuig, vaartuig, lugvaartuig of ander vervoermiddel by die verskaffing van sekuriteit bepaal deur die hof, teruggegee word.

(3) Die bedrag sekuriteit moet minstens gelyk wees aan die som van—

- (a) die markwaarde van die voertuig, vaartuig, lugvaartuig of ander vervoermiddel;
- (b) die maksimum boete wat 'n hof ingevolge hierdie Wet kan oplê vir die beweerde oortreding; en
- (c) die koste en uitgawes aangegaan deur die staat of wat redelikerwys verwag word deur die Staat aangegaan sal word in verband met die geregtelike vervolging van die misdryf en wat ingevolge artikel 57(4)(b) en 72(b) verhaalbaar is.

(4) Indien die hof oortuig is dat daar omstandighede is wat 'n kleiner bedrag sekuriteit regverdig, kan die hof 'n bevel uitreik dat die voertuig, vaartuig, lugvaartuig of ander vervoermiddel onderhewig aan die verskaffing van sekuriteit vir sodanige kleiner bedrag teruggegee word.

Deel 2***Administratiewe afdwingingsmeganismes en boetes*****Administratiewe afdwinging**

71. (1) Indien die Provinsiale Minister op redelike gronde oortuig is dat enige persoon 'n aktiwiteit strydig met hierdie Wet onderneem, 'n aktiwiteit onderneem wat 'n nadelige uitwerking op biodiversiteit of ekologiese infrastruktuur het of versuim om aan enige dokument of magtiging uitgereik ingevolge hierdie Wet te voldoen, kan die Provinsiale Minister, nadat die betrokke persoon 'n redelike geleentheid gegee is om kommentaar te lewer, 'n lasgewing aan daardie persoon uitreik om—

- (a) die aktiwiteit te staak;
- (b) spesifieke versagtingsmaatreëls te tref om sodanige nadelige uitwerking binne 'n bepaalde tydsraamwerk reg te stel;
- (c) binne 'n spesifieke tydsraamwerk aan die relevante dokument of magtiging te voldoen.

(2) In die omstandighede beoog in subartikel (1), indien dringende optrede nodig is vir die beskerming van 'n gebied wat ingevolge artikel 48(1) geïdentifiseer is, kan die Provinsiale Minister die lasgewing uitreik sonder om die persoon aan wie die lasgewing uitgereik word, die geleentheid te gee om kommentaar te lewer en, so gou as moontlik nadat die lasgewing uitgereik is, 'n geleentheid vir kommentaar aan die persoon gee.

(3) Indien 'n lasgewing uitgereik aan 'n persoon ingevolge subartikel (1) of (2) verband hou met iets wat plaasvind of moontlik plaasvind op grond waarvan daardie persoon die eienaar is, kan die Provinsiale Minister ook 'n lasgewing aan die grondeienaar uitreik, in welke geval subartikels (1) en (2) van toepassing is, met die nodige veranderinge.

Versuim om aan lasgewing te voldoen

72. Indien 'n persoon versuim om aan 'n lasgewing beoog in artikel 71 te voldoen, kan die Provinsiale Minister—

- (a) waar van toepassing, die betrokke magtiging of ander dokument wat die onderwerp van die lasgewing is, kanselleer of verander; en
- (b) enige nodige maatreëls vermeld in die lasgewing en enige ander nodige maatreëls tref om die nadelige uitwerkings op biodiversiteit en ekologiese infrastruktuur wat uit die versuim om aan die lasgewing te voldoen ontstaan, reg te stel en die koste daarvan van die persoon wat versuim het om aan die lasgewing te voldoen, verhaal.

Administratiewe boetes

73. (1) Die Provinsiale Minister kan—

- (a) administratiewe boetes oplê vir—
 - (i) die oortreding van of nievoldoening aan hierdie Wet;
 - (ii) die nievoldoening aan 'n lasgewing uitgereik ingevolge artikel 71(1);
 - (iii) 'n misdryf gelys in artikel 74; en
- (b) kategorieë van administratiewe boetes en die prosedure vir die oplegging van sodanige boetes voorskryf.

(2) Voordat die Provinsiale Minister 'n boete oplê, moet hy of sy skriftelik—

- (a) die persoon aan wie die boete beoog word om opgelê te word, in kennis stel van die beoogde boete;
- (b) die besonderhede van die beweerde oortreding, nievoldoening of misdryf en die redes vir die beoogde oplegging van die boete;
- (c) die bedrag van die boete wat beoog word om opgelê te word, vermeld; en
- (d) 'n geleentheid aan die persoon beoog in paragraaf (a) gee om binne 'n tydperk vermeld deur die Provinsiale Minister verhoër te word.

(3) Indien 'n persoon aan wie 'n administratiewe boete ingevolge subartikel (1) opgelê is, versuim om die boete te betaal, kan die Provinsiale Minister 'n siviele uitspraak ten bedrae van die boete teen daardie persoon neem.

HOOFSTUK 11 MISDRYWE EN STRAWWE

Misdrywe

74. (1) 'n Persoon is aan 'n kategorie 1-misdryf skuldig indien daardie persoon—

- (a) versuim om aan 'n kennisgewing uitgereik ingevolge artikel 48(1), of gewysig soos beoog in artikel 48(4), te voldoen;
- (b) artikel 50(4) of 51 oortree of versuim om daaraan te voldoen;
- (c) versuim om aan 'n lasgewing uitgereik ingevolge artikel 71(1), (2) of (3) te voldoen;
- (d) versuim om te voldoen aan 'n opdrag van 'n natuurbewaringsbeampte, natuurbewaringsveldwagter of erenatuurbewaringsbeampte gegee ingevolge hierdie Wet of by die uitoefening van hul bevoegdhede ingevolge hierdie Wet;
- (e) wederregtelik enige handeling of versuim pleeg wat 'n nadelige uitwerking veroorsaak of waarskynlik sal veroorsaak;
- (f) die volgende verander, versin of vervals—
 - (i) enige magtiging of ander dokument wat uitgereik of vereis word vir die wettige verrigting van enige handeling ingevolge hierdie Wet;

- (ii) op enige dokument enige amptelike logo, briefhoof, stempel, waarmerk of datumstempel van die Departement of CapeNature, of die handtekening van enige persoon in hul hoedanigheid as 'n agent of werknemer van die Departement of CapeNature;
 - (g) in besit is van enige wederregtelik veranderde of vervalste dokument wat voorgee om 'n magtiging of 'n vrystelling uitgereik kragtens hierdie Wet te wees, of poog om voor te gee dat so 'n dokument 'n geldige magtiging of vrystelling uitgereik kragtens hierdie Wet is;
 - (h) enige magtiging of dokument ingevolge hierdie Wet verkry of daarvoor aansoek doen—
 - (i) onder 'n vals naam; of
 - (ii) terwyl die persoon deur 'n hofbevel verbied word om die houer van so 'n magtiging of dokument te wees;
 - (i) opsetlik 'n vals verklaring aflê in enige aansoek wat gemaak word of in 'n dokument wat ingevolge hierdie Wet verskaf word;
 - (j) enigiets wat as bewys kan dien in verband met 'n misdryf kragtens hierdie Wet versteek, verwyder van enige perseel, vernietig of daarvan ontslae raak om te verhoed dat daar daarop beslag gelê word of dat dit opgespoor word, insluitende enige eksemplaar, boek, register, dokument, elektroniese rekord, voertuig, masjinerie, werktuig, houer, vuurwapen, wapen, plofstof of gif;
 - (k) enige beampte wat wettiglik sy of haar mandaat ingevolge hierdie Wet uitvoer of 'n toestel wat wettiglik deur die beampte gebruik word by die uitvoering van sy of haar mandaat verhinder of belemmer; of
 - (l) voorgee om 'n natuurbewaringsbeampte, natuurbewaringsveldwagter, erenatuur-bewaringsbeampte of 'n werknemer of agent van die Departement of CapeNature te wees.
- (2) 'n Persoon is skuldig aan 'n kategorie 2-misdryf indien daardie persoon—
- (a) grond onregmatig betree waarop daar enige wilde dier is of waarskynlik sal wees terwyl die persoon in besit is van 'n wapen, gif of enige middel hoegenaamd wat gebruik kan word om wilde diere te jag, te vang of vrek te maak;
 - (b) in besit gevind word van enige eksemplaar sonder bewys van wettige besit soos beoog in artikel 55;
 - (c) enige ander persoon forseer of enige persoon toelaat om 'n handeling of versuim te pleeg wat strydig is met hierdie Wet;
 - (d) die houer is van 'n magtiging of vrystelling wat kragtens hierdie Wet uitgereik is en—
 - (i) 'n bepaling of voorwaarde van daardie magtiging of vrystelling oortree of versuim om daaraan te voldoen;
 - (ii) nie in besit is van so 'n magtiging of vrystelling nie terwyl die persoon 'n handeling verrig wat slegs uitgevoer mag word terwyl die persoon in besit van so 'n magtiging of vrystelling is; of
 - (iii) enige ander persoon toelaat om enigiets te doen, of om te versuim om enigiets te doen wat ingevolge subparagraaf (i) of (ii) 'n misdryf is.
- (3) 'n Persoon is skuldig aan 'n kategorie 3-misdryf indien daardie persoon—
- (a) versuim om aan 'n opdrag deur 'n natuurbewaringsbeampte of natuurbewaringsveldwagter ingevolge artikel 67(e)(i) te voldoen;
 - (b) versuim om aan ondergeskikte wetgewing wat ingevolge hierdie Wet gemaak is, te voldoen;

- (c) valse of misleidende inligting verskaf wanneer die persoon deur 'n natuurbewaringsbeampte, natuurbewaringsveldwagter of erenatuurbewaringsbeampte gevra word om inligting te verskaf;
- (d) sonder goeie rede weier of versuim om op versoek van 'n natuurbewaringsbeampte, natuurbewaringsveldwagter of erenatuurbewaringsbeampte sy of haar naam en adres of enige inligting of dokument te verskaf wat daardie natuurbewaringsbeampte, natuurbewaringsveldwagter of erenatuurbewaringsbeampte benodig ten einde hul werksaamhede kragtens hierdie Wet te verrig.

Strawwe

75. (1) 'n Persoon wat aan 'n kategorie 1-misdryf soos beoog in artikel 74(1) skuldig bevind is, kan gevonniss word tot—

- (a) 'n boete van hoogstens R10 miljoen;
- (b) gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 10 jaar; of
- (c) beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.

(2) 'n Persoon wat aan 'n kategorie 2-misdryf soos beoog in artikel 74(2) skuldig bevind is, kan gevonniss word tot—

- (a) 'n boete van hoogstens R5 miljoen;
- (b) gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar;
- (c) beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf; of
- (d) in die geval van 'n tweede of daaropvolgende skuldigbevinding—
 - (i) 'n boete van hoogstens R10 miljoen;
 - (ii) gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 10 jaar; of
 - (iii) beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.

(3) 'n Persoon wat aan 'n kategorie 3-misdryf bedoel in artikel 74(3) skuldig bevind is, kan gevonniss word tot—

- (a) 'n boete van hoogstens R1 miljoen;
- (b) gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar;
- (c) beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf; of
- (d) in die geval van 'n tweede of daaropvolgende skuldigbevinding—
 - (i) 'n boete van hoogstens R5 miljoen;
 - (ii) gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar; of
 - (iii) beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.

(4) Indien enige oortreding die vang, vrekmaak, oes, besit, te koop aanbied, verkoop, invoer of uitvoer van 'n eksemplaar behels, kan 'n hof, benewens die boetes beoog in subartikels (1), (2) en (3), 'n boete oplê wat hoogstens drie keer die markwaarde van daardie eksemplaar is.

(5) Behoudens die Strafproseswet kan boetes wat ingevolge hierdie Wet deur 'n hof opgelê word, aan CapeNature betaalbaar gemaak en betaal word.

Kansellasië van magtigings

76. Die hof wat ingevolge hierdie Wet 'n persoon aan 'n misdryf skuldig bevind, kan—

- (a) enige magtiging wat aan daardie persoon uitgereik is, kanselleer;
- (b) daardie persoon onbevoeg verklaar om enige magtiging te verkry vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar;
- (c) beveel dat alle bevoegde owerhede wat gemagtig is om magtigings uit te reik, van enige onbevoegdheid ingevolge paragraaf (b) in kennis gestel word.

Toekenning van koste

77. Indien 'n persoon ingevolge hierdie Wet aan 'n misdryf skuldig bevind is en die handeling of versuim wat die misdryf uitmaak—

- (a) veroorsaak het dat enige staatsorgaan enige koste aangegaan het om op enige item beslag te lê, enige grond te rehabiliteer of daardie misdryf te ondersoek en strafregtelik te vervolg;
 - (b) aan daardie persoon 'n geldelike voordeel of 'n moontlike geldelike voordeel verskaf het,
- kan die hof wat daardie persoon skuldig bevind, sonder pleitstukke, navraag doen oor die geldelike waarde van die koste aangegaan en die voordeel wat daardie persoon uit daardie misdryf getrek het of waarskynlik sal trek, en, benewens enige ander straf wat ten opsigte van daardie misdryf opgelê is, beveel dat 'n bedrag gelyk aan daardie geldelike waarde as bykomende boete direk aan CapeNature betaal word as 'n bykomende boete, toekenning van skade of vergoeding, as 'n deel van die vonnis.

Verbeuring

78. (1) 'n Hof wat 'n persoon aan 'n misdryf ingevolge hierdie Wet skuldig bevind, kan enige item, insluitende enige eksemplaar, houer, voertuig, vaartuig, lugvaartuig, ander vervoermiddel of dokument, insluitende 'n elektroniese dokument, wat by die misdryf betrokke was of gebruik is in verband met die misdryf of met die doel om die misdryf te pleeg, en waarop daar kragtens hierdie Wet beslag gelê is, aan CapeNature verbeur verklaar.

(2) Indien enige eksemplaar wat kragtens subartikel (1) aan CapeNature verbeur is, steeds lewe, moet CapeNature verseker dat die eksemplaar—

